# HOOFSTUK 4

# IDENTIFIKASIE EN VADERIDENTIFIKASIE

## 4.1 INLEIDING

Die rol wat die vader in die seun se lewe speel tydens sy op-weg-wees na volwassenheid, is in hoofstuk drie volledig bespreek. Die betrokkenheid van vader en seun en die belangrikheid daarvan vir die seun, is by herhaling uitgewys. Niemand anders kan die vader se plek inneem nie. Die vader bly vir die seun die belangrikste ouer om hom te help en te lei om uiteindelik die geslagsrol, waarmee die Skepper hom toebedeel het, te aanvaar, hom daarmee te vereenselwig en dit ten volle uit te leef.

Indien die vader dan vir die seun 'n noodsaaklike model in sy volwassewording is, ontstaan die vraag of die seun wel eienskappe van die vader sy eie maak, of daar sprake is van oorname en van opneem van hierdie eienskappe in sy eie wese, sy sisteem. Indien wel, of dit bewustelik of onbewustelik plaasvind, of dit aangeleer is en of dit maar weer, indien nodig, verwerp kan word. Omdat hierdie vrae belangrik is waar dit gaan om die beïnvloeding van die seun se skolastiese prestasie deur die vader, sal daar in hierdie hoofstuk aandag gegee word aan die begrip identifikasie. Hoe dit verloop, faktore wat dit beïnvloed en

persone met wie geïdentifiseer word. Nadat 'n eie siening van identifikasie geformuleer is, sal gelet word op die rol wat identifikasie speel in die lewe van die opvoedeling in sy op-weg-wees na volwassenheid.

Sears, et al. (1966, p. 1), wys daarop dat die klem gedurende die afgelope twee dekades al hoe meer op die begrip identifikasie laat val is. Die belangstelling in die sedelike ontwikkeling van die kind het gelei tot navorsing wat moes vasstel hoe die kind gedrag aanleer wat by sy spesifieke rol pas.

Bronfenbrenner (1960, p. 15) en Stoke (1950, p. 163) wys tereg daarop dat die teorieë oor identifikasie feitlik geheel-en-al teruggevoer kan word na die werk van Sigmund Freud. Freud gebruik dieselfde terme egter dikwels vir verskillende konsepte. Na Freud het verskeie persone die begrip identifikasie bespreek, maar ook hulle het dieselfde terminologie verskillend vertolk. Nuwe name vir dieselfe begrippe kom redelik algemeen voor. Alhoewel daar definitiewe ooreenkomste in verband met die identifikasiebegrip bestaan, word bestaande begrippe telkens herformuleer. Dit volg derhalwe noodwendig dat hierdie bespreking (vgl. par. 4.2) in 'n groot mate per skrywer sal geskied.

Omdat die begrip identifikasie so ineengestrengel is met die verloop van die identifikasieproses, word die begrip identifikasie soms duideliker wanneer die ver-

loop van die identifikasieproses bespreek word (vgl. par. 4.4).

Alhoewel die terme *onderwerp* en *model* of *self* en *objek*, dikwels in die bespreking van identifikasie gebruik word, gebruik die skrywer, in plaas daarvan, die terme *opvoeder* en *opvoedeling* of *ouer* en *kind* omdat, veral eersgenoemde, in 'n opvoedingskonteks verkies word.

## 4.2 WAT IDENTIFIKASIE IS EN VERSKILLENDE VORME DAARVAN

### 4.2.1 Identifikasie soos gesien deur die psigoanaliste

By Freud as die eerste psigoanalis wat na identifikasie verwys, alhoewel hy dit nie as sulks definieer nie, is die kern daarvan die verbintenisse en antagonismes van die Oedipus-konflik (Bronfenbrenner, 1960, p. 15-16). Freud verwys na die emosionele band tussen ouer en kind. Vir die seun begin die proses wanneer hy seksueel aangetrokke voel tot sy moeder en sy vader sien as 'n onwelkome, aggressiewe mededinger (Grinder, 1978, p. 215; vgl. par. 4.4.1). Die oplossing in die seun se geval is gemotiveer deur vrees vir die vader se aggressie en in die geval van die dogter, vrees vir die verlies van die moeder se liefde (Lynn, 1974, p. 100; Green, 1974, p. 19; Freud, 1950a, p. 274-275; vgl. par. 4.4.1). Die identifikasie van die seun met sy vader word genoem: identifikasie met die aggressor en dié van die dogter met

haar moeder: anaklitiese identifikasie (Bronfenbrenner, 1960, p. 16; Grinder, 1978, p. 216).

Freud kom wel later nader aan die identifikasiebegrip, soos dit vandag algemeen aanvaar word, met sy stelling dat die kind daarna strewe om sy eie ego te vorm na analogie van die voorbeeld van die ouer wat hy as model geneem het (Freud, 1949, p. 63). Die kind is dus in der waarheid besig om met die ouer te identifiseer. Hy begin om sekere persoonlikheidseienskappe van die ouer sy eie te maak, om die gedrag, houding en optrede van die ouer na te strewe (Rosenberg en Sutton-Smith, 1972, p. 43).

In sy essay "On Narcissism" (1914) verwys Freud vir die eerste keer na die begrip van verbondenheid aan 'n ander persoon, gebaseer op iets ander as 'n seksuele impuls en drang. Dit is meer 'n nie-seksuele afhanklikheidsverwantskap. Die moeder of 'n ander persoon wat die voeding, versorging en beskerming bied, is die mees waarskynlike persoon met wie die verbondenheid in die eerste plek plaasvind. Hierdie tipe verbinding word getipeer as 'n anaklitiese voorwerpkeuse (Bronfenbrenner, 1960, p. 16).

Alhoewel Freud selfs in sy latere geskrifte aanhou praat van identifikasie as die naboots van 'n model, benadruk hy dat dit nie die direkte beeld is wat die ouer aan die kind voorhou wat nageboots word nie. Dit is eerder die ideaal wat die ouer se aspirasies vir die kind reflekteer as die werklike gedrag van die ouer wat nageboots word (Bronfenbrenner, 1960,

p. 21). In die opvoeding van die kind tree die ouers self baie streng en korrek op. Al voldoen hulle nie self aan die eise nie, word dit aan die kind gestel. Die ouers identifiseer hulself dus uiteindelik ten volle met hulle eie ouers en verwag van hulle kinders om dieselfde te doen. Die super-ego van die kind word dus eintlik geskoei volgens die super-ego van die grootouers (Freud, 1949, p. 90). Lyke (1964, p. 631) sluit hierby aan en formuleer identifikasie as die graad van ooreenkoms tussen 'n persoon se ideale self en sy vader en sy moeder se ideale self.

Freud se eerste formele definisie van identifikasie verwys na die seun wat sy vader neem as model en poog om sy eie ego te vorm na die voorbeeld van die vader. Die seun identifiseer dus met die vader (Freud, 1951, p. 62-63; Kagan, 1958a, p. 298; Rosenberg en Sutton-Smith, 1972, p. 43; Bronfenbrenner, 1960, p. 17-18).

Freud gebruik die term identifikasie ook om die produk of die resultaat van die proses te beskryf. Die resultaat van die proses waarna hier verwys word, is die ooreenkomste in karaktertrekke van kind en ouer. Daar is drie aspekte van die ouer wat deur die kind nagevolg kan word: sy duidelike gedrag, sy motiewe en ook sy aspirasies vir die kind. Daar kan nie gesê word dat juis met 'n spesifieke aspek geïdentifiseer word nie, dit kan moontlik al drie wees (Bronfenbrenner, 1960, p. 22).

Die identifikasie-begrip, soos geformuleer deur psigoanaliste na Freud, was nie teenstrydig met syne nie. Dit was veel eerder ŉ herformulering van sy twee tipes identifikasie en komplementêr daarmee (Grinder, 1978, p. 216).

Sears, et al. (1966, p. 2-3) se siening in verband met identifikasie loop parallel met dié van Freud. Hulle erken dat Freud die oorspronklike begrip identifikasie geformuleer het, maar sê dat dit onvolledig is en nie voldoende vir empiriese navorsing is nie. Hierdie skrywers sien anaklitiese identifikasie as ŉ tegniek wat gedurende die eerste drie of vier jaar ontwikkel. Deur nabootsing leer die kind om die gedrag van die ouer na te volg. Hierdeur bevredig hy sy aangeleerde behoeftes en word sodoende afhanklik van sy ouers. Basies kom dit neer op ŉ vergoeding van afhanklikheidsbehoeftes. Hierdie aanleer van gedrag deur waarneming van die gedrag en gewoontes van die model, word gewoonlik na verwys as nabootsing. Die meeste teorieë in verband met persoonlikheid verwys daarna as identifikasie (Bandura, et al., 1963, p. 527). Laasgenoemde skrywers verwys na hierdie gedragsverskynsels as ŉ neiging van die persoon om die gedrag, houding of emosionele reaksies, soos dit vertoon word deur werklike of simboliese modelle, só na te boots dat dit ooreenstem met sy eie.

Verdedigende identifikasie is ŉ sekondêre vorm van identifikasie waarna Sears, et al. (1966, p. 7-8) verwys, en stem ooreen met Freud se identifikasie met die aggressor. Hulle beskou hierdie tipe identifika-

sie as 'n verdedigende proses. Dit is 'n verdediging in die sin dat dit die angs in die seun, deur sy eie oedipale vyandigheid voortgebring, verminder.

Die onmiddellike motivering is die vrees vir kastrering deur die vader, in weerwraak vir die seun se wellustige gevoelens gerig tot die moeder en sy vyandige kompeterende gevoelens jeens die vader.

Whiting (1959/60, soos aangehaal deur Biller, 1974, p. 12) asook Bandura en Walters (1964, p. 94) verwys ook na identifikasie as nabootsing. Die kind is gemotiveer om die gedrag van die persoon wat die primêre ontvanger is van die bronne wat hy begeer, na te boots. Sy identifikasie met dié persoon word baie versterk deur gefantaseerde herhaling van die gedrag van die persoon wat hy beny. Die jong seun sal dus, volgens Whiting, slegs met 'n manlike persoon identifiseer, dit wil sê, 'n manlike identifikasie ontwikkel, indien sy vader, of die vader-plaasvervanger, die primêre verbruiker van die begeerde bronne is. Nou verwant aan laasgenoemde is die sogenaamde beny-van-statusteorie, wat ook as 'n uitbreiding van Freud se identifikasie met die aggressor beskou kan word. Bandura en Walters (1963, p. 94, soos aangehaal deur Biller, 1974, p. 12) beskou dit as 'n resultaat van die naywerige wisselwerking tussen die kind en die ouer wat 'n status beklee, waarvoor die kind hom beny.

Stoke (1950, p. 166-168) meen dat die begrip identifikasie, soos aangebied deur Freud, oorvereenvoudig

is en aanpassing vereis. Stoke onderskei dan ook tussen wat hy noem gedragsidentifikasie en emosionele identifikasie. Die gedragsidentifikasie stem ooreen met Freud en Sears se anaklitiese identifikasie. In eersgenoemde tipe openbaar die kind duidelik dieselfde gedrag as die ouer, terwyl laasgenoemde verwys na die emosionele verbintenis met die ouer. Hy wys ook op 'n verband wat bestaan tussen emosionele- en gedragsidentifikasie (Stoke, 1950, p. 180):

* Emosionele identifikasie bring 'n poging, of ten minste die begeerte, na vore om volgens gedrag te identifiseer.

* 'n Gebrek aan emosionele identifikasie sal nie 'n bewuste poging tot gedragsidentifikasie na vore bring nie.

* Die sukses van gedragsidentifikasie sal beïnvloed word deur die vermoë van die opvoedeling om die rol van die opvoeder aan te neem.

* Juis omdat kinders sekere eienskappe van hulle ouers deur oorerwing verkry, sal daar ook ooreenkomste in hulle gedrag wees. Aangebore verskille is egter geneig om uiteenlopende gedragspatrone na vore te bring, onafhanklik van die teenwoordigheid of afwesigheid van emosionele identifikasie.

Mowrer het ook die begrippe van Freud herformuleer. Hy noem identifikasie met die aggressor verdedigende identifikasie, wat ooreenstem met Sears se benaming. Anaklitiese identifikasie noem hy ontwikkelingsiden-

tifikasie. Mowrer (1950, p. 573-592) sê die fundamentele meganisme van die twee vorme van identifikasie is dieselfde, naamlik dat die kind op spanning en frustrasie reageer in 'n poging om die voorwerp van die frustrasie te bemeester deur met hom te identifiseer. Hy meen ook dat albei vorme noodsaaklik is vir die normale persoonlikheidsontwikkeling van seuns sowel as dogters. Hy verwys na die volgende verskille en ooreenkomste tussen die twee soorte identifikasies:

| ONTWIKKELINGSIDENTIFIKASIE | VERDEDIGENDE IDENTIFIKASIE |
|---|---|
| 1. Is die gevolg van die meer biologiese dryfvere, byvoorbeeld vrees vir verlies van liefde. | Ongerief as gevolg van sosiale druk, byvoorbeeld vrees vir straf of vrees vir kastrering. |
| 2. Spruit voort uit 'n gevoel van hulpeloosheid en eensaamheid. Die ouer of sy plaasvervanger is afwesig en die kind wens dat hy teenwoordig moet wees. | Frustrasie ontstaan deurdat die ouer met die kind bemoeienis maak en hom bestraf. Die ouer of sy plaasvervanger is teenwoordig en die kind wens dat hy afwesig is. Hierdie wens bring vir die kind 'n ondraaglike konflik mee. Hy haat die ouer as gevolg van sy dissiplinêre optredes, maar hy het die ouer tog lief en ondervind angs en vrees by die vooruitsig om werklik van die ouer geskei te wees, hetsy fisiek of emosioneel. |
| 3. Dit is 'n gematigde eenvoudiger ondervinding. | Dit is hewig en bring krisis mee. |
| 4. Daar is min konflik. | Dit veroorsaak konflik wat angs meebring. |

Sanford (1955, p. 107-109; 112-117) se standpunt is soortgelyk as dié van Freud, maar verskil tog van hom. Hy beklemtoon die waarskynlikheid dat die ouerliefde of straf nie noodwendig die verinnerliking van die ouerlike houdinge tot gevolg het nie. Sanford meen dat by identifikasie die kind soms op die gedrag van ander persone reageer deur in die verbeelding of in die werklikheid homself net so te begin gedra. Hy noem dit identifikasie van die opvoedeling met die opvoeder en meen verder dat identifikasie grotendeels onbewustelik plaasvind. Dit onderskei identifikasie van bewuste nabootsing waardeur ander se gedragspatrone aanvaar word omdat dit nuttig is. Die belangrikste is miskien dat die opvoedeling daarna streef om presies soos die opvoeder op te tree om identies te word. Dit is, volgens Sanford, die belangrikste aspek omdat dit die sleutel tot begrip van identifikasie voorsien. Dit is egter onrealisties omdat dit selde gebeur dat die opvoedeling presies soos sy identifikasiefiguur kan word. Alhoewel 'n mens treffende ooreenkomste mag bemerk, mag daar ook 'n aspek van karikatuur wees. Dit is dikwels vir die identifiseerder belangrik dat sy identiese gedrag deur die opvoeder of ander mense wat belang mag hê, raakgesien word.

Sanford (1955, p. 107) verwys na die begrip identifikasie as sulks, en beweer dat dit nie 'n verklarende begrip is nie en as beskrywende begrip te vaag is om waardevol te wees. Bronfenbrenner (1960, p. 27) wys egter daarop dat die verwerping van die identifikasiebegrip 'n fout sal wees omdat 'n belangrike psigologiese verskynsel sowel as 'n prikkelende teoretiese

uitvloeisel, wat deur Freud aangedui is, verlore sal gaan. Hy wys daarop dat Freud se begrippe tenminste twee uitstaande kenmerke het. Hulle impliseer dat:

* 'n dryfveer in die kind om soos die ouer te word, wel bestaan;
* hierdie dryfveer nie funksioneer in verhouding met geïsoleerde elemente nie, maar wel in 'n geheelpatroon te wete 'n "Gestalt".

Kagan (1958a, p. 296-297) bespreek vier tipes gedrag wat 'n verband toon met die proses van identifikasie en wel omdat hulle almal tot ooreenkomste in gedrag tussen die opvoedeling en die opvoeder lei (vgl. par. 4.4.1):

* leer deur nabootsing;
* leer deur verbod;
* identifikasie met die aggressor;
* plaasvervangende affektiewe belewenis.

In 'n bespreking van die begrippe identifikasie en introjeksie, wat baie na aan mekaar is, verwys Cardoen (1972, p. 214-215) na die volgende: Introjeksie is die psigiese proses waardeur bepaalde objekte uit die buitewêreld in die eie ek opgeneem word, byvoorbeeld 'n sekere gebod. By identifikasie is die vader byvoorbeeld die instansie wat die gebod uitvaardig, die gebod wat deur die kind in die eie ek opgeneem word. Die kind neem nou die rol van die vader oor, hy word nou vir homself gesagsfiguur, hy bepaal self die wet. By identifikasie vind ons 'n strewe van die

persoon, die kind in dié geval, om sy eie ego te vorm na die beeld van die persoon wat as model geneem word. Die kind leef hom so in in die omstandighede soos deur sy ouers daargestel, sy *Lebensraum*, sy *spektrum*, dat die "bindingen en verplichtingen" tot eie vlees en bloed omskep word. Dit word nie meer vir hom van buite af opgelê nie, hy handel nie meer omdat dit van hom vereis word nie, omdat hy moet nie, maar omdat dit tot die diepste aard van sy wese behoort. Dit maak deel uit van sy bestaanstyl.

Van die meer resente skrywers verwys ook na identifikasie met hetsy een of albei ouers. Die volgende bespreking toon duidelik ooreenkomste met dié van Freud en andere.

Die meeste waarnemers stem saam dat in die konteks van die gesin iets plaasvind wat daarop dui dat 'n mate van ooreenkoms met een of albei ouers, in die gedrag van die kind ontstaan (Heilbrun en Fromme, 1965, p. 49; Hoffman, 1971b, p. 1072). Hierdie *iets* wat plaasvind word aanvaar as identifikasie met die ouer. Die eerste identifikasie van die kind vind dan ook met sy ouers, die eerste persone in sy lewe plaas. Bieri en Lobeck (1959, p. 75) sien identifikasie met die ouer as 'n komplekse veranderlike wat twee belangrike aspekte, naamlik die graad van waarneembare ooreenkoms met die ouer en die graad van betrokkenheid met die ouer, omvat. Heilbrun (1973, p. 127) verwys na oueridentifikasie as die proses waarvolgens die kind se ooreenkoms tussen sy verborge en waarneembare gedrag en die gedrag wat kenmerkend

is van een of albei sy ouers, verhoog. Die kind neem die ouer se maniere aan, hy speel eintlik die rol van die ouer. Stadigaan word die maniere, waardes, karakteristieke, beperkinge, motiverings en ideale van die ouer in sy eie waardesisteem geïnkorporeer (Brown, 1956, p. 2; Mussen en Distler, 1959, p. 350; Sears, 1957, p. 152). Die kind ontwikkel dan ook ŉ eie gewete. Hierdie skynbare absorpsie van die persoonlikheidseienskappe van die ouer, kan plaasvind sonder dat ŉ spesifieke leerproses plaasgevind het, hetsy doelbewus of deur beloning en/of straf. Daar het naamlik identifikasie tussen kind en ouer plaasgevind (Sears, 1957, p. 152; Wright, 1973, p. 39; Bandura en Walters, 1959, p. 32, 37).

Heilbrun (1973, p. 128) identifiseer oueridentifikasie as die proses van leer deur nabootsing wat oor ŉ lang tydperk plaasvind en wat ŉ ooreenkoms in gedrag tussen die kind en een of albei ouers as resultaat het.

Daar word ook verwys na ŉ spesifieke ouer wat as model gebruik word. So sal die seun by identifikasie met die vader, die vader neem as model (Johnson, 1968, p. 128-129). Die seun strewe dan daarna, meestal geheel onbewustelik, om soos die vader te wees. Hy leer om soos die vader te dink, te voel en te handel en neem dan langsamerhand die karaktertrekke van die vader oor (Freud, s.j. soos aangehaal deur Stoke, 1950, p. 163; Kagan, 1958a, p. 298; Brown, 1958, p. 237; 1956, p. 2; Hetherington en Frankie, 1967, p. 119; Hetherington, 1965, p. 188; Bronson,

1959, p. 533; Stroup, 1977-78, p. 73).

### 4.2.2 Identifikasie soos gesien deur die sosioloë

Ten einde die identifikasiebegrip soos geformuleer deur die sosioloë, in perspektief te sien, is dit nodig om te besin oor hulle siening van die ouer-kindverhouding, die rol van die vader in die gesin en gemeenskap asook die verband tussen gesin en sosiale gemeenskap.

Die uitgangspunt by die sosioloë is om die ouer-kind-verhouding slegs in die konteks van die groter gemeenskap te sien, juis omdat dit die funksie van die gemeenskap is wat deur die opvoeding van die kind gedien moet word. Die fokus val ook meer op die groep en die struktuur van hulle verwantskappe as op die individu self (Rosenberg en Sutton-Smith, 1972, p. 57).

Parsons verwys na die gesin as deel van 'n groter stelsel, die gemeenskap, maar ook as 'n kleiner stelsel, 'n gemeenskap in homself. Die vader word gesien as die persoon wat die kleiner gemeenskap, die gesin, verband kan laat hou met die gemeenskap as geheel. Hierdie rol van die vader word ook gesien as 'n diensbare funksie. Die vader kan uit die aard van sy posisie in die huis en sy werk, wat merendeels weg van die huis is, makliker die skakeling met die gemeenskap behou. Die vader bring nie alleen die gemeenskap in die huis in nie, maar ook die huis in die

gemeenskap in (Lynn, 1974, p. 104). Hy is ook deel van die sosiale gemeenskap wat die ontwikkelde kind wens om na te strewe (Rosenberg en Sutton-Smith, 1972, p. 62). Die vader,en ook die verhouding van die ander gesinslede tot die vader, kan nooit ontleed word sonder om hom as deel van die gesin, wat self ŉ sosiale sisteem is, te sien nie (Parsons en Bales, 1955, p. 92).

Die kern van die identifikasiebegrip, soos gesien deur die sosioloë, kom ooreen met dié van die psigoanaliste, naamlik die strewe om soos ŉ ander persoon te word. So strewe die seun daarna om soos die vader, wat deel van die sosiale gemeenskap is, te word.

Identifikasie verwys na die proses van verinnerliking van die kollektiewe *ons*-kategorisering. Gedurende die oedipale periode vind daar by die kind ŉ reorganisasie van die totale persoonlikheid as ŉ sisteem plaas. Die vader word nou onderskei van die moeder en ook die self van die sibbe van die teenoorgestelde geslag. Daar vind ŉ differensiasie van die kollektiewe struktuur plaas. Die *ons*-struktuur wat tot dusver net moeder en kind ingesluit het, word nou ŉ *ons*-struktuur met sub-strukture wat ander lede van die gesin insluit. Die identifikasie van die seun met sy vader, verwys na ŉ selfkategorisering van die seun as behorende tot die *ons-mansmense*. Hy sê dus daarmee dat hy en sy vader die manlike kategorie deel. Hierdie *ons-mansmense* word gestel teenoor die *hulle-vroumense*, waaraan hy as seun nie kan behoort

nie. Die identifikasie dui egter geensins op 'n verinnerliking van 'n konkrete geheel van die spesifieke tipe nie (Parsons en Bales, 1955, p. 92-93). Identifikasie, volgens Parsons, beteken ook nie om die ander persoon te word nie, maar dit is 'n verinnerliking van 'n gewone kultuur, of die inkorporering daarvan in die werklike struktuur van die persoonlikheid (Rosenberg en Sutton-Smith, 1972, p. 63).

### 4.2.3 Samevatting en skrywer se begripsverklaring

#### 4.2.3.1 Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking, van die begrip identifikasie is dit moontlik om sekere algemene, en ook enkele spesifieke begrippe, uit te lig.

By almal kom die volgende gedagtes pertinent na vore:

* Identifikasie is 'n komplekse gebeure wat plaasvind tussen mense, naamlik die volwassene en die nie-volwassene.
* Dit vind gewoonlik eerste in die gesin plaas en wel tussen kind en ouers.
* In die algemeen word dit gesien as 'n nabootsing van sekere eienskappe, nie net van een ouer nie, maar van albei.
* Dit begin reeds gedurende die babastadium.
* Daar ontstaan 'n strewe by die kind om sekere eienskappe van die ouer sy eie te maak.

* In baie gevalle kry ons 'n emosionele betrokkenheid wat as stimulus dien. By Freud en van die ander psigoanaliste is dit eers seksueel gekleur, maar later sien hulle dit meer as emosionele afhanklikheid van die ouers.

* Dit gaan nie net om uiterlike maniere en gewoontes wat nageboots word nie, maar ook om die vorming van die super-ego, of die gewete en dus ook van sekere karaktereienskappe, dit wil sê,ook waardes en norme. Daar is ook sprake van 'n nastrewe van ideale.

* Dit vind geleidelik oor 'n lang tyd plaas.

Die volgende begrippe kom slegs by sommige skrywers na vore:

* Die rol wat beloning en straf speel om die verloop te beïnvloed (vgl. Sears et al.; Kagan).

* Verwysing na die houer van die begeerlike bronne of die ouer wat die status beklee as model (vgl. Whiting; Bandura en Walters).

* Daar word soms na identifikasie verwys as 'n leerproses (vgl. Sears, et al.; Heilbrun; Bergius; McDonald).

* Die kind is in baie gevalle onbewus daarvan dat die identifikasie wel plaasvind (vgl. Sanford).

* Daar word verwys na die moontlike verloop van identifikasie as gevolg van konflik, angs, spanning en frustrasie (vgl. Sears, et al.; Mowrer; Freud).

* Die rol wat die vader speel as verteenwoordiger van die gemeenskap word deur die sosioloë benadruk. Die vader bied vir die seun die geleentheid om in sosiale verband te identifiseer en duidelik tussen manlik en vroulik te onderskei. Dit speel 'n belangrike rol in die vorming van 'n eie geslagsidentiteit (vgl. Parsons; Parsons en Bales).

#### 4.2.3.2 Identifikasie soos gesien deur die skrywer

Na aanleiding van begrippe wat uit die besprekings na vore gekom het, is 'n eie definisie vir identifikasie geformuleer. Dit sal dan ook as definisie vir identifikasie in hierdie studie gebruik word.

Identifikasie is die begrip wat gebruik word vir die gebeure wat ontstaan tussen 'n volwassene, die opvoedder, en 'n kind, die volwassewordende, die opvoedeling, waar die kind deur waarneming, belewing en aanvoeling sekere waardes, norme, handelinge en houdings van die volwassene sodanig as sy eie aanvaar en verinnerlik, dat hy dit in baie gevalle onbewustelik as sy eie belewe en uitlewe. Die kind skoei dus, bewustelik en onbewustelik, op die lees soos deur die volwassene daargestel, en handel, dink en voel gaandeweg soos die volwassene; hy identifiseer dus met hom. Identifikasie is dus 'n komplekse gebeure wat eerstens tussen ouer en kind plaasvind en betrokkenheid van die ouer vereis. Hierdie betrokkenheid, van die ouer en dus ook die identifikasieproses, duur ten minste voort

totdat die volwassewordende kurwe sy hoogs moontlike maksimum gedurende die vormingsjare bereik het, dit wil sê,tot na adolessensie. Alhoewel albei ouers vir die kind dien as model in sy identifikasie, is die ouer van dieselfde geslag die belangrikste en dus 'n onontbeerlike identifikasiefiguur.

Hierdie omskrywing is eerstens gebaseer op die gemeenskaplike siening, wat by almal na vore gekom het, naamlik dat een persoon, die opvoedeling, homself vereenselwig met die opvoeder of die volwassene. Ook die gedagte van opgaan in, as't ware eenword van die opvoedeling met die opvoeder, kom deurgaans voor en word daarom ook aanvaar en in hierdie definisie opgeneem. Die siening dat die norme, waardes en karaktereienskappe van die opvoeder, alhoewel nie heeltemal identies nie, in die opvoedeling na vore kom, word dus ook so aanvaar.

Alhoewel identifikasie wel gedeeltelik as gevolg van leer deur nabootsing plaasvind, word die siening van Sears, Wright,asook Bandura en Walters aanvaar dat dit nie 'n blote leerproses is nie en wel omdat dit die diepere emosionele betrokkenheid tussen ouer en kind omvat.

Voorbeelde hiervan is:

* die dogter wat met die moeder identifiseer omdat sy nie haar liefde wil verloor nie - Freud;
* die seun wat met die aggressor identifiseer omdat hy hom nie kan wegwens nie - Freud;

* Mowrer se verdedigende identifikasie wat verwys na gelyktydige haat en liefde teenoor die ouer.

Freud se verwysing na identifisering van die kind met die ouer se super-ego, sy geïdealiseerde standaarde, dui ook op 'n indirekte leerproses. Dieselfde geld vir Sanford se siening dat ouerliefde of straf nie noodwendig verinnerliking van die ouers se houdinge tot gevolg het nie.

Die feit dat verskeie van die skrywers verskil oor die identifikasie-begrip, alhoewel die verskille by sommige klein is, en dat daar nie 'n duidelike afbakening van die begrip is nie, dui op die komplekse aard daarvan. Die gedagte van Bieri en Lobeck dat dit 'n komplekse veranderlike is, word derhalwe aanvaar. Laasgenoemde lei ook na die siening van Sanford dat identifikasie grotendeels onbewustelik plaasvind. Die baba kan tog nie sy redes vir identifikasie, waarna veral die psigoanaliste verwys, beredeneer nie. Nog minder kan die seun, wat homself onbewustelik skoei na analogie van die super-ego of geïdealiseerde standaarde, van sy vader soos gesien deur Freud, dit doen. Die gedeeltelik onbewuste aard van identifikasie word dus aanvaar.

Al die skrywers wys daarop dat albei die ouers as model optree. Hulle wys ook op die verskuiwing wat van die moeder as model na die vader plaasvind. Heilbrun en Fromme, Hoffman en Heilbrun wys ook spesifiek daarop dat eienskappe van albei ouers verinnerlik word. Hierdie siening word dus ook aanvaar en

ingesluit.

Dit is egter die sosioloë wat spesifiek wys op die belangrike rol wat die vader speel. Die vader tree op as verteenwoordiger van die gemeenskap. Deur hom leer die kind om ook in sosiale verband in te skakel. Dit is dus nog steeds vorming, opvoeding, hulpverlening aan die kind in sy op-weg-wees, sy volwassewording. Net so sal die vader as identifikasie-model vir die seun 'n bydrae lewer wat sy skolastiese prestasie betref. Die vader as verteenwoordiger van die gemeenskap is immers die een wat die grootste inspraak het in die gemeenskap op professionele of beroepsgebied, hetsy in 'n wit- of blouboordjie beroep. Die sosioloë wys egter verder ook op die feit dat dit juis in sy identifikasie met die vader is, dat die seun bewus word van die verskille tussen man en vrou. Die identifikasie van die seun met die vader verseker juis dat die seun hom uiteindelik met die manlike geslagsrol identifiseer. Hulle wys op die geslagsrolidentiteit was as gevolg van identifikasie van die seun met sy vader tot sy reg kom; 'n siening wat by die psigoanaliste agterweë bly. Hierdie belangrike bydrae word dus aanvaar en ingesluit.

Laasgenoemde begrip in verband met die vorming van 'n geslagsidentiteit lei dan ook tot aanvaarding en insluiting van die opvatting dat die kind se identifikasie met die ouer van dieselfde geslag ook in die adolessensie voortduur, en 'n belangrike plek inneem. Die aanvaarding van hierdie opvatting word verder verdedig met die volgende:

* Een van die adolessent se grootste probleme is juis sy soeke na 'n eie identiteit en hierin speel identifikasie met 'n ouer van dieselfde geslag 'n belangrike rol (vgl. par. 5.4).

* Heilbrun (vgl. par. 4.4.3.1) wys ook spesifiek daarop dat identifikasie met die ouer nog gedurende adolessensie plaasvind.

## 4.3 IDENTIFIKASIE AS 'N WEG WAARLANGS DIE OPVOEDELING VOLWASSENHEID BEREIK

In hierdie paragraaf word, onder andere, aandag gegee aan die kind se vorming van 'n eie identiteit. Die verband tussen identiteit en identifikasie word ook bespreek. Aangesien die adolessent in hoofstuk vyf behandel word, word identiteitsvorming van die adolessent nie hier bespreek nie maar wel in hoofstuk vyf (vgl. par. 5.4).

Uit die bespreking van die begrip identifikasie, blyk dit duidelik dat dit 'n gebeure is wat plaasvind tussen mense, naamlik die volwassene en die nie-volwassene. Identifikasie neem reeds in die babastadium 'n aanvang. Albei ouers het dus reeds vanaf die geboorte van die baba, 'n verantwoordelikheid teenoor die kleine betreffende sy begeleiding op die pad van volwassewordende. Die ouers tree albei op as identifikasiemodelle, waarvoor die eerste vereiste is om teenwoordig te wees, en die tweede om betrokke te raak. Die kind se betrokkenheid met die volwassene en sy strewe om soos die volwassene te word, lei naderhand by die kind tot verinnerliking van die

spesifieke eienskappe van die volwasse persoon, sonder dat die kind in werklikheid daarvan bewus is. As dit gebeur, is daar sprake van identifikasie met die volwassene.

Omdat die moeder uit die aard van haar betrokkenheid met die baba, die een is met wie die kleine die meeste in aanraking kom, sal die eerste sprake van identifikasie juis met haar wees. Die moeder tree egter ook op as Christelike opvoeder. Die mens wat sy is, haar beginsels, norme en waardes, haar lewens- en wêreldbeskouing,het sy van haar Christen-ouers ontvang en is alles op die Woord van God gebaseer. Dit wat die moeder is, al die eienskappe wat sy besit en bewustelik of onbewustelik aan die baba oordra, word uiteindelik deur hom verinnerlik. 'n Moeder wat weet dat alle opvoeding tot eer van God geskied, wat nie haar kind versmoor in 'n selfsugtige, oorbesitlike liefde nie, wat by haarself, as identifikasiefiguur, verby wys en wel in vertikale verband na Bo, verseker dat die kind selfstandigheid en 'n eie persoonlikheid ontwikkel. Dit is egter nie alleen die moeder se taak nie. Albei ouers vervul 'n spesifieke rol in die kind se lewe. Hulle het immers saam die doopbelofte afgelê.

Die kind self bly soeker, eksperimenteerder, hunkeraar, maar steeds hulpbehoewend, die onontslotene, opvoedingsbehoeftige. Dit is in sy samesyn met mense en dus veral in die gesin, dat die kind begin besef dat hy 'n eie rol het wat hy moet vervul, 'n eie identiteit het, dat hy 'n *Ek*, 'n eie persoon is en moet

wees. In der waarheid is die kind van kleins af besig met die vorming van 'n selfidentiteit (Vrey, 1974, p. 25). Dienelt (1974, p. 155) verwys na Schraml (1969) se siening van die oedipale fase as die eintlike begin van identiteitsontwikkeling.

Dit is duidelik dat hierdie vorming van 'n eie identiteit 'n tydsame proses is waarin die opvoeder aan die opvoedeling hulp verleen, steun gee, meer nog, die opvoedeling ontsluit. Indien nie, kan die kind nooit by 'n *geheelheid* kom nie, kan daar nie sprake van vordering op die pad van volwassewording wees nie. Dan sal die kind nooit weet wat reg of verkeerd is nie en daarom ook nie self keuses kan en mag maak nie. Die totale verloop van die vorming van 'n eie identiteit vind dus midde-in die opvoedingsgebeure plaas. In die omgang en die dialoog met sy ouers ontwikkel die kind 'n selfverantwoordelikheid, 'n selfbepaling. In hierdie soeke na 'n eie identiteit bly hy egter altyd afhanklik van die toegeneentheid van die ouers. Sy hele soeke vind binne hierdie raamwerk plaas. Die soeke na die eie ek kan soms selfs deur die identifikasie of vereenselwiging met die ouer, bemoeilik word (Vermeer, 1972, p. 55-56). Dit is egter so dat in sy vorming van 'n eie identiteit, die identifikasie met die ouers vir die kind belangrik is (Heilbrun en Fromme, 1965, p. 49; Heilbrun, 1973, p. 126). Die identifikasie van die kind met die ouer sal, onder andere, 'n verinnerliking van norme en waardes tot gevolg hê (Stroup, 1977-78, p. 72).

Om werklik 'n eie identiteit te ontwikkel, moet die kind hom ook uiteindelik identifiseer met sy eie geslagsrol. Deur die geslaagde identifisering met hetsy vader of moeder, word die geslagsrolle van man of vrou, soos deur die gemeenskap aan hulle opgedra, deur die kind oorgeneem. 'n Roloorname wat in die huidige pluralistiese gemeenskap moeiliker as vroeër verloop (Schraml, 1969, soos aangehaal deur Dienelt, 1974, p. 155). Die kind moet dus die geslag waarmee hy gebore is, aanvaar, dit sy eie maak, ervaar en uitleef. By die seun moet dus 'n manlike geslagsrolidentifikasie plaasvind. Dit impliseer dat die vader baie gou reeds betrokke moet raak by die opvoeding en grootmaak van die seuntjie. Indien die vader betrokke is en manlike gedrag en optrede in teenwoordigheid van die seun openbaar, sal hy daardeur verseker dat die seuntjie dit naboots en uiteindelik verinnerlik en sodoende 'n volwaardige manlike geslagsrolidentifikasie sy eie maak. Die seun identifiseer hom dus met die vader en vorder sodoende ook op die pad van volwassewording. Dit impliseer ook 'n onbewuste geleidelike vorming en *uitbeiteling* van 'n eie identiteit. Daar bestaan dus 'n duidelike verband tussen identifikasie en identiteitsvorming. Die een is die teenpool van die ander. Om 'n eie identiteit te vorm, moet die seun identifiseer met die opvoeder van dieselfde geslag, baie waarskynlik dus met sy vader. Identifikasie met die vader impliseer op sy beurt weer die vorming van 'n eie manlike identiteit. Alhoewel dit die verinnerliking van die manlike karaktereienskappe, waardes en norme van die vader is, sal dit ook 'n verinnerliking van sekere eienskappe van die moeder en waar-

skynlik ook van ander persone insluit. Dit impliseer dus 'n nuwe individu met 'n eie identiteit wat andersoortig is as almal voor hom en ook as almal na hom. Dit dui op die eenmaligheid, onherhaalbaarheid en andersheid van elke mens. Hy is 'n absolute Novum, 'n Unitas Multiplex (Krige, 1961, p. 22; Eksteen, 1967, p. 8). Dit is dus duidelik dat identiteitsvorming sonder identifikasie nie moontlik is nie, maar ook dat identifikasie en noodwendig dan ook identiteitsvorming nie van die opvoedingsgebeure, en dus ook van opvoeding, losgemaak kan word nie. Die belangrike rol van die vader as identifikasiefiguur, maar ook as opvoeder in die lewe van sy seun, word hierdeur benadruk.

Die Christelike ouer staan egter nie afsydig van sy kind se algehele vorming, sy identiteitsvorming en sy identifikasieproses nie. Hier is dus sprake van ingryping in, betrokkenheid by, bemoeienis maak met, maar ook ontsluiting van die nie-volwassene (vgl. par. 3.2). Dit is juis om 'n bepaalde verloop aan die pedagogiese gebeure te gee, en om sodoende die kind te help in sy menswording, dat die opvoeder as verteenwoordiger van die normatiewe in die gebeure moet ingryp (Landman, et al., 1977, p. 88). Die kind kan dus ook in die identifikasieproses nie aan homself oorgelaat word in die hoop en vertroue dat hy hom wel met 'n ouer van dieselfde geslag sal identifiseer en die positiewe eienskappe, waardes en norme sal verinnerlik nie. Die voorhou en voorleef van die waardes en norme alleen, is nie vir die kind genoeg nie. Die ontmoetingsituasie wat deur die opvoeder gerig en

gestuur word na 'n opvoedende beïnvloedingsgebeure, 'n ontsluiting, sal meebring dat die opvoedeling die opvoeder se norme en waardes verinnerlik. Hierdie norme en waardes verwys, onder andere, na die Christelike lewens- en wêreldbeskouing van die opvoeder.

Indien 'n situasie ontstaan wat die verinnerliking blokkeer, sou ingryping deur een van die opvoeders die posisie kon beredder. Indien die moeder die seun aan haar wil vasbind, tê veel slegs vroulike waardes, handelinge en gebruike aan hom voorhou, hom nie die geleentheid gee om kennis te maak met die meer geharde manlike gebruike en gewoontes nie, sal die vader, deur in te gryp, sorg en verseker dat die seun wel met die manlike geslagsrol identifiseer.

Die kind sal hom wel met die ouer van dieselfde geslag identifiseer indien diê ouer se optrede sodanig is dat die waardes en norme wat hy vir die kind voorhou, vir hom so aanloklik is dat hy dit sy eie wil maak en dit vir hom 'n ideaal word.

## 4.4 DIE VERLOOP VAN IDENTIFIKASIE

### 4.4.1 Die verloop van identifikasie soos gesien deur die psigoanaliste

Volgens Freud sentreer die identifikasieproses rondom die oedipale konflik. Hy beweer dat ons bestem is om ons eerste seksuele impulse tot die moeder te rig en ons eerste impulse van haat en geweld tot die vader (Freud, 1938, p. 308).

Die seun koester gedurende die oedipale periode die begeerte om ŉ verhouding uitsluitlik met sy moeder te hê. Hy identifiseer hom ook met haar. Hy vind egter dat hy nie aan sy gevoel vir sy moeder uitdrukking kan gee nie omdat sy vader in sy pad staan. Hy beskou sy vader as die baie aggressiewe mededinger om die moeder se toegeneentheid. Hy sien die vader ook as die magsfiguur en vrees dat sy vader hom sal kastreer (Biller, 1974, p. 11; Stoke, 1950, p. 164; Rosenberg en Sutton-Smith, 1972, p. 39).

Volgens Freud speel veral die vader ŉ groot rol in die oplossing van die Oedipus-konflik. Vir die seun is die gedagte aan liggaamlike straf of die verlies van sy vader se liefde onaanvaarbaar, met die gevolg dat hy hierdie gevoelens na die onderbewuste verdring (Rosenberg en Sutton-Smith, 1972, p. 39). Die seun se identifikasie is nou vyandig gekleur; dit word identies met die wens om sy vader te vervang. Sy gevoel kan van toegeneentheid vir die moeder, omswaai na ŉ gevoel van haat vir die vader en ŉ drang om hom te verwyder (Freud, 1951, p. 60-61).

ŉ Konflik ontstaan by die seun,naamlik vrees vir die verlies van die penis aan die een kant en die liefde vir die moeder aan die anderkant. In sy ontdekking dat die klein dogtertjie nie ŉ penis het nie, vind hy bevestiging vir sy vrees: sy is alreeds deur die vader vir haar verkeerde optrede gekastreer. Die driejarige seuntjie formuleer egter nie hierdie konflik in woorde nie, maar psigoanaliste interpreteer sigbare gedrag en vrees van die klein seuntjie as

simbole van die onderliggende konflik. Omdat die seun deur die vader gekonfronteer word met 'n moontlike kastrering, identifiseer hy hom met die vader en onderdruk sodoende sy begeerte na die moeder totdat die begeerte na die onbewuste verdring is en die konflik die seun nie meer pla nie (Lynn, 1974, p. 100; Biller, 1974, p. 11-12; Bronfenbrenner, 1960, p. 18; Rosenberg en Sutton-Smith, 1972, p. 39; Freud, 1950a, p. 272; Bandura en Walters, 1964, p. 92). Die seun identifiseer nou met die vader en strewe daarna om soos sy vader te wees (Freud, 1949, p. 86). Langsamerhand neem hy die karaktertrekke van die vader oor. Hy neem, onder andere, die vader se verbod teen bloedskande oor, wat hom beskerm teen 'n herhaling van die Oedipus-konflik. Die seun leer ook die aanvaarding van ander beperkinge. Hy aanvaar baie van die vader se ideale as sy eie, asook die waarde wat die vader daaraan heg (Lynn, 1974, p. 100).

Freud se teorie in verband met die oplossing van die Oedipus-konflik vir die seun, is baie duideliker en meer konsekwent as dié vir die dogter. Die dogtertjie geniet die noue verbintenis aan, en die liefde vir, die moeder. Haar eerste identifikasie is ook met die moeder. Met die ontdekking van die verskil tussen haar en die seuntjie, wat betref die geslagsorgane, voel sy gekul: sy het nie 'n penis nie. Sy verwerp die moeder as sy ontdek dat dié ook nie 'n penis het nie. Die moeder het haar ook swak toegerus in die wêreld gebring. Sy blameer haar daarvoor, verwerp haar en keer haar liefde tot die vader wat wel die begeerde orgaan, wat sy met hom wil deel,

besit (Lynn, 1974, p. 101; Green, 1974, p. 19; Rosenberg en Sutton-Smith, 1972, p. 42). Sy gee egter nou haar begeerte vir 'n penis prys, maar plaas in die plek daarvan haar wens om 'n kind te hê by die vader. Die vader word dus nou die liefdesvoorwerp (Freud, 1950b, p. 195; 1950a, p. 275). Op ongeveer sesjarige ouderdom begin sy besef, net soos die seun, dat 'n begeerte na die ouer van die teenoorgestelde geslag onmoontlik is. Sy sien ook nie kans om die liefde van die moeder te verloor nie en keer haar weer tot die moeder. Sy inkorporeer die moeder se beeld in haar eie selfkonsep (Rosenberg en Sutton-Smith, 1972, p. 43; Lynn, 1974, p. 101; Green, 1974, p. 19). By beide die seun en die dogter vind laastens dus die identifikasie met die ouer van dieselfde geslag plaas, wat hulle duidelik laat besef watter geslag hulle werklik is (Rosenberg en Sutton-Smith, 1972, p. 43).

Omdat die dogtertjie reeds *gekastreer* is, het sy geen aansporing om met die aggressor te identifiseer nie en vind die ontwikkeling van 'n super-ego ook nie plaas nie. Haar vrees vir die verlies van die liefde, is nie so sterk as die seuntjie se vrees vir kastrering nie, en die identifikasie van die dogtertjie is dus nie so volledig as dié van die seuntjie nie, gevolglik is die Oedipus-konflik by haar nooit ten volle opgelos nie (Freud, 1950b, p. 196-197; Lynn, 1974, p. 101; Bronfenbrenner, 1960, p. 18).

Freud (1953, p. 53) se teorie in verband met die ontwikkeling van die ego-ideaal en die gewete, die voor-

lopers van wat hy later die super-ego noem, word deur hom in sy essay "On Narcissism" (1914) bespreek. Die identifikasie met die ouer word hier aangesny, waar hy beweer dat dit die invloed van die ouerlike kritiek is wat die kind noop om 'n ego-ideaal, waaroor die gewete waghou, te vorm. Hierdie kritiek word mettertyd versterk deur diegene wat hom leer en onderrig en ook deur ander lede van die gemeenskap. In werklikheid het ons reeds hier identifisering met die ouer. Die eie ego wat die kind vorm, is juis die resultaat van die identifikasie.

Freud erken ook dat albei ouers bydra tot die vorming van die ego-ideaal omdat die kind in die voor-oedipale stadium 'n aangetrokkenheid tot albei ouers het en ook omdat dubbelslagtigheid in 'n mate by almal voorkom. Hy sê dat, nadat die Oedipus-konflik-beheerde seksuele fase sy loop geneem het, behoort daar in die ego van die kind as presipitaat, 'n kombinasie van die identifikasies met albei ouers voor te kom (Stoke, 1950, p. 165). Stoke erken ook dat, alhoewel Freud bogenoemde sê, daar baie min klem op die bydrae van albei ouers gelê word.

Sears, et al. (1966) se siening in verband met die verloop van identifikasie kom, net soos hulle siening van die identifikasiebegrip, baie ooreen met dié van Freud, maar verskil tog. Die vroegste verwantskap tussen moeder en kind is een van versorging. Deur die versorging van die moeder word die kind fisies en emosioneel van haar afhanklik. Die moeder en haar hele doen en late word vir die kind omgewingsgebeure

wat vir hom beloning inhou. Sodra hierdie afhanklikheidsmotief vasgelê is, soek die kind die moeder uit en probeer haar so manipuleer en betrek ten einde dit wat beloning meebring, te ontlok. As gevolg van ander verpligtinge, byvoorbeeld wanneer sy weer 'n baba het, moet die moeder haar geleidelik van die klein kind onttrek. Die emosioneel afhanklike kind word nou sekere van die moederlike belonings waaraan hy gewoond geraak het, ontneem. Hoe en presies waarom is nog nie bepaal nie, maar die kind begin dan om die moeder na te boots (Sears, et al.,1966, p. 3-4; Bandura en Walters, 1964, p. 93-94).

In die geval van die seun verloop die identifikasie net soos Freud dit sien,behalwe dat Sears, et al. (1966, p. 7-8), soos reeds verwys, 'n verdedigende identifikasie definieer, wat die angs by die seun, wat voortgebring word deur die oedipale konflik, verminder. Om hierdie oedipale dilemma egter op te los, sal hierdie identifikasie met die vader slegs ontstaan as die seun 'n sterk ambivalente verbondenheid met die vader het, dit wil sê,as die vyandigheid teenoor die vader vervleg is met toegeneentheid en liefde. Die seun bewonder sy vader, begeer om soos hy te wees, maar wil hom ook uit die pad hê. Sy begeerte om sy vader weg te hê, word onderdruk uit vrees vir kastrering, maar bly in die onbewuste as 'n bron van skuld. Hierdie verdringing en skuldgevoelens is die produk van die botsende liefdesimpulse vir die vader, naamlik 'n identifikasie met die moederrol in verhouding tot die vader. Laasgenoemde identifikasie bring

dan 'n vroulike komponent in die persoonlikheid van die seun mee. Hierdie twee oplossings moet nie gesien word as in opposisie met mekaar nie, maar kom in kombinasie met mekaar en moet gesien word as die rede vir die restant van vroulikheid wat die manlikheid in die man vergesel.

Mowrer (1950, p. 607-608) se siening in verband met die verloop van die identifikasie is soos volg: hy verskil van Freud se siening dat die psigoseksuele ontwikkeling van die seun eenvoudiger is as die van die dogter. Mowrer sien dit omgekeerd en wel soos volg: omdat die suigeling se eerste ondervinding van versorging en toegeneentheid dié van die moeder is, sal die neiging by kinders van albei die geslagte wees om met die moeder te identifiseer. Vir die dogtertjie is dit 'n pad wat sy kan aanhou volg. Die seuntjie moet egter op een of ander manier die moeder as 'n persoonlike model verwerp en sy lojaliteite en ambisies verskuif na die vader. Om laasgenoemde oorskakeling te verklaar, volg hy die volgende redenasie: die eerste identifikasie met die moeder is ongedifferensieerd. Die klein kind sien moontlik nie die moeder as 'n vrou wat anders is as 'n man nie, maar slegs as 'n menslike persoon wat gladnie verskil van ander volwasse figure in die omgewing nie. Die persoonlike karaktertrekke wat deur identifikasie deur nabootsing van die moeder verwerf word, is karaktereienskappe of kundighede wat op alle persone, manlik sowel as vroulik, toepaslik is. Dit is vermoedelik eers op 'n later stadium dat die kind van die verdeling van die mensdom in twee geslagte bewus word


(vgl. par. 3.6.2). Dit is eers dan dat die vader, wat tot op hierdie stadium 'n redelik ondergeskikte rol gespeel het, na vore tree as die seun se spesiale raadsman, tugmeester, gids en model, in sake wat hom uiteindelik sal help om volledige volwasse status in sy gemeenskap te verwerf, nie slegs as mens nie, maar ook in die unieke posisie van 'n man. Laasgenoemde sluit in:

* om man te wees in die sin van eerbaar, verantwoordelik, arbeidsaam, bekwaam, dapper en hoflik te wees;
* om man te wees in die sin van manlik te wees, dit wil sê, seksueel georiënteerd tot lede van die teenoorgestelde geslag.

Meegaande skets, soos weergegee deur Mowrer (1950, p. 609-610), illustreer die verskil tussen sy siening en die siening van Freud.

Diagram a stel die voorgeboortelike stadium voor waar beide die seun (S) en dogter (D) fisies met die moeder verbind is. Diagram b stel die nageboortelike periode, waarin die kinders nog baie nou verbonde is aan, en baie afhanklik is van, die moeder voor. Volgens Freud sal die emosionele band wat tussen die moeder en seun ontwikkel (diagram b), direk lei tot die noue binding tussen moeder (M) en seun (S) (diagram c, soliede lyn) en later tot binding met vroue in die algemeen. Op 'n redelik onduidelike, onoortuigende manier meen Freud dat, deur seksueel aangetrokke te wees tot vroue, van die seun 'n man sal

FIGUUR 4.1 VERLOOP VAN IDENTIFIKASIE SOOS GESIEN DEUR MOWRER EN FREUD (Mowrer, 1950, p. 609).




V --- vader
M --- moeder
S --- seun
D --- dogter

Siening van Freud --- a, b en c
Siening van Mowrer -- a, b en d

maak en dit sal die manlike identifikasie (diagram c, gebroke lyn) voortbring. Mowrer meen ook dat Freud se verklaring van die meganisme in die geval van die dogter (D) nog onduideliker is. Die dogter se seksuele belangstelling in die vader (diagram c, soliede lyn) word gaandeweg deur haar gerig tot mans in die algemeen. Ook die oorspronklike, amper primitiewe seksuele verbinding van die dogter met die moeder wat omskep word in ŉ identifikasie (diagram c, gebroke lyn), is nie duidelik nie.

Mowrer self meen dat die identifikasieproses verloop soos gesien in diagram d. Die basiese aanname hier is dat die tipe verhouding wat die suigeling normaalweg met sy of haar moeder het, die kind aangetrokke laat voel tot die moeder in ŉ verhouding waarna verwys kan word as ontwikkelingsidentifikasie. In die geval van die dogter kan dit redelik ononderbroke voortduur (diagram d, soliede lyn), terwyl die seksuele belangstelling in mans later op ŉ geskikte tyd ontwikkel (diagram d, gebroke lyn). Die enigste probleem wat hier ontstaan, is om die toegeneentheid van die seun tot die moeder te verskuif na die vader in so ŉ mate dat ŉ identifikasie van die vroulike na die manlike model plaasvind.

In die praktyk verloop dit moontlik soos volg: op ŉ ouderdom van ongeveer drie of vier jaar aanvaar die *goeie vader* verantwoordelikheid vir die seun, soos wat hy nie vir die dogter doen nie. Die seun word nou *sy seun*. Hy gaan, indien moontlik, saam met die vader werk toe en onderneem uitstappies saam met

hom. Iets wat die moeder nie verskaf nie. Die vader open dus vir die seun die wêreld van die man. Ook die seun se speelgoed word al hoe meer replikas van die gereedskap ensovoorts van die vader. Intussen begin die *goeie moeder* die seun *speen* en van die voorskoot losmaak, deur hom aan te moedig om saam met die vader te gaan. Indien hierdie proses suksesvol verloop, verskuif die belangrike emosionele verbinding na die vader (diagram d, soliede lyn) en die eerste stap is ook gegee in die ontwikkeling van 'n seksuele oriëntering teenoor die vroulike geslag, wat ooreenkom met dié van die vader (diagram d, gebroke lyn). Dit kom dus daarop neer dat identifikasie 'n basiese feit van die ouer-kindverhouding is en dat die seksobjekkeuse later daaruit voortvloei.

Sanford (1955, p. 107-109, 112-117) meen dat die normale karakterontwikkeling grotendeels verduidelik kan word sonder die hulp van identifikasie of introjeksie en wel met behulp van die gewone leerproses. Die kind leer byvoorbeeld watter aksies van hom deur die ouer goedgekeur word en watter nie, hy leer watter vir hom die liefde en watter die afkeer van die ouer ontlok. Hy leer hoe om homself te beskou deur daarop te let hoe ander hom beskou. In die proses van die opbou van sy ego-sisteem en selfbegrip, leer hy wat om te behou en wat om te verwerp. Sanford stel dus 'n baie vereenvoudigde en meer algemene meganisme van die kind se aanvaarding van die ouerlike karaktereienskappe voor. Dit kom neer op die bekende proses van leer deur versterking met behulp van straf en beloning.

Dit gebeur ook dat die kind stadigaan sommige van die standaarde en gewoontes van sy geliefde, geadmireerde ouer aanneem en sy eie maak, omdat dit aan sy langtermynbehoeftes en doelstellinge voldoen. Hier sal die identiese gedrag van die kind in vergelyking met dié van die ouer, nie so sigbaar wees nie aangesien dit soms slegs na 'n algemene ooreenkoms lyk. Soms vind ons dus juis by dié kind wat werklik met die ouer identifiseer, nie uiterlike tekens van identifikasie nie.

Bedreiginge vir die opvoedeling se fisieke bestaan of sy fisieke integriteit kan ook lei tot identifikasie. In so 'n geval is die doel van identifikasie die verkryging van 'n gevoel van mag en sodoende die gevoel dat hy op gelyke voet met die bedreiging verkeer. Soms, veral in situasies van verskriklike bedreiging, probeer die individu homself beskerm, nie soseer deur die aggressor na te boots nie, maar deur oor te stap na sy kant; deur kragte saam te snoer. Hierdie proses kan soms bewustelik en doelbewus plaasvind, maar die hele proses vind soms grootliks onbewustelik plaas. Die kind bedrieg homself in die beoordeling van sy eie belange en die motiverings en morele regverdiging van sy vyand of outoriteit (Sanford, 1955, p. 110).

Kagan (1958a, p. 296-297) se vier tipes gedrag waarna reeds verwys is, gee 'n aanduiding van hoe hy meen die identifikasieproses verloop.

a) Leer deur nabootsing: hier word verwys na die

inisiëring en toepassing van sekere gedragspatrone, onder andere,gebare, houding, manier van praat, kleredrag ensovoorts, wat deur die sosiale gemeenskap goedgekeur word en wat gesien word as die resultaat van 'n poging om die model na te boots. Dit word ook geëtiketteer as gepaardafhanklike gedrag of as kopiëring (Miller en Dollard, 1941, soos aangehaal deur Kagan, 1958a, p. 296). Gouws,et al. (1979, p. 101) sien gepaard-afhanklike gedrag ("matched-dependent behaviour") as 'n tipe nabootsing "waarin die nagebootste individu (A) handel op grond van wenke in die omgewing terwyl die nabootser (B) die gedrag van A naboots op grond van wenke wat hy van A se gedrag verkry". Kagan (1958a, p. 296) beweer dat die oorspronklike nabootsing van 'n gedragspatroon toevallig geskied. Daarna is dit slegs die direkte beloning van die sosiale omgewing, byvoorbeeld deur lof en toegeneentheid wat die neiging van die opvoedeling om die opvoeder na te boots, kan versterk.

b) Leer deur verbod: hierdie term verwys na die aanvaarding en beoefening van die beperkinge soos gestel deur die ouers of die plaasvervangende ouers. Die verwerwing van hierdie beperkinge toon in 'n mate 'n ooreenkoms met die vorming van die super-ego. Soms word die belangrikste motivering vir die voldoening aan die beperkinge, gesien as 'n vrees vir die verwagte verlies aan liefde.

c) Identifikasie met die aggressor: hier word verwys na die aanvaarding van gedrag soortgelyk aan die van die aggressiewe of dreigende model. Die motivering vir hierdie nabootsing word aanvaar as 'n vrees

vir verwagte aggressie of dominering deur die dreigende model. Kagan erken dat dit moeilik is om hierdie gedrag toe te skryf aan leer deur nabootsing of deur afdreiging aangesien die motief en die versterking daarvan nie verband hou met die verwagte verlies aan liefde, of met die begeerte vir 'n direkte sosiale beloning, soos lof of toegeneentheid nie.

d) Plaasvervangende affektiewe belewenis: hier word na positiewe of negatiewe gevoelsinhoude by die kind verwys as die resultaat van iets wat met die model gebeur het. Opvallende voorbeelde van hierdie verskynsel is:

* 'n kind se opgetoënheid of terneergedruktheid by kennisname dat sy ouers 'n sukses of 'n mislukking is;

* 'n moeder se opgetoënheid wat volg op haar kind se sukses in die skool. Laasgenoemde voorbeeld van Kagan is nie verklarend nie, want hier is dit die opvoeder wat die reaksie toon en nie die opvoedeling nie. Kagan (1958a, p. 297) beweer dat alhoewel hierdie verskynsel van plaasvervangende affektiewe belewenis toe te skryf is aan die identifikasie van 'n persoon met 'n model, die emosionele reaksie moeilik is om te beskryf en daarom is dit baie keer deur psigoloë wat die identifikasieproses ondersoek, agterweë gelaat.

### 4.4.2 Die verloop van identifikasie soos gesien deur die sosioloë

Die verloop van identifikasie soos die sosioloë, veral

onder leiding van Parsons dit sien, is soos volg: Die basiese siening hier is dat die kind nie net deur een nie, maar deur 'n reeks identifikasies beweeg. Die aard van hierdie reeks opeenvolgende identifikasies word bepaal deur die wisselende rolle wat die ouer en die kind vervul in opeenvolgende stadia van die kind se ontwikkeling. Parsons wys ook daarop dat die jong kind nie kan reageer op die geheel gedifferensieerde vorme van die ouer-rolle nie. Die kind word slegs aan segmente van die ouerlike gedrag, wat nie verteenwoordigend van die hele rol-repertoire van elke ouer is nie, blootgestel. Daarom meen hy ook dat die kind hom nie op enige spesifieke stadium kon identifiseer met die ouer as totale persoon nie, maar slegs met daardie wederkerige rolverwantskap wat vir die kind op die spesifieke stadium funksioneel is. So sal die eerste identifikasie van die kind met die moeder plaasvind en wel omdat die funksie van die moeder primêr een van diensbaarheid is. Sy bied aan die kind die fisieke versorging. Die moeder kan egter nie al haar tyd slegs aan een kind wy nie. Daarbenewens word die kind soms teen sy begeerte in, anders behandel as wat hy verkies. Hy word byvoorbeeld wakker gemaak om gevoed te word terwyl hy nog wil slaap, of hy word neergesit terwyl hy in die arms wil wees. Alhoewel die kind dus tog vertroetel en geliefkoos word, kan dit nie deurgaans gebeur nie en word dit hom soms ontsê. Die gevolg daarvan is dat daar in die moeder-kindopset, vir die kind elemente van frustrasie na vore kom. Dit lei weer tot aggressie by die kind. Alhoewel die moeder soms

die kind help om die aggressie te verwerk, byvoorbeeld deur hom op te tel en te vertroetel, kan dit nie elke keer gebeur nie. Die kind moet nou vir homself 'n balans vind tussen wat hy ontvang en wat hom ontsê word. Geleidelik bou die kind vir hom 'n stelsel van verwagting op wat sentreer rondom sy verhouding met sy moeder as opvoeder. Hierdie stelsel sluit sekere voorwaardes in van wat hy mag en wat hy nie mag nie. Sodra hierdie verhouding 'n sekere stadium bereik het, kan daar gepraat word van identifisering met die moeder. Parsons en Bales (1955, p. 65) noem dit egter die "internalization of the mother as an object as having taken place, in her role as the source of care". Ons vind hier egter meer die verinnerliking of inkorporering van die eienskappe van die moeder in haar rol as bron van versorging. Hulle sê verder dat dit nie die moeder as totale persoonlikheid is wat geïnkorporeer word nie, maar slegs daardie aspek van haar waarmee die ego 'n betekenisvolle verwantskap van wisselwerking het.

Na hierdie identifikasie met die moeder as bron van versorging, volg 'n stadium van liefdes-afhanklikheid waar die moeder se uitdrukking van toegeneentheid vergoedend word. Die kind word dus nou gevoelig vir die ekspressiewe aspekte van die moeder se funksie (Parsons en Bales, 1955, p. 65).

Gedurende die voor-oedipale periode het die kind nog nie 'n differensiasie tussen die ouers gemaak nie. Dit was dus meer 'n stadium van ongedifferensieerde geslagloosheid. Die kritieke gebeurtenis gedurende

die oedipale periode is die eerste fase van die kind se aanvaarding van sy eie geslag. Die biologiese verskille tussen kinders dui vir die kind die verskil aan tussen die manlike en vroulike rol. Die penis is die positiewe simbool van manlikheid en die afwesigheid daarvan dui op vroulikheid. In werklikheid moet die kind nou kies tussen twee rolle. Die druk van buite, dit wil sê van ouers, gesin en maats, is egter vir hom baie groot om die voorgeskrewe, korrekte rol te kies (Parsons en Bales, 1955, p. 78).

Waar ons tot dusver 'n tweetal-stelsel gehad het, naamlik die *ons, moeder en ek,* differensieer die kind nou tussen die ouerrolle, naamlik moeder en vader. Vir die seun kry ons ook nou 'n *ons-mans* - sy vader, sy broers en hyself en ook 'n *daardie-vroumense.* Ook die gesin word nou 'n *ons* (Parsons en Bales, 1955, p. 78-79). Hier is dus 'n verskuiwing van die tweetal-stelsel, die moeder-kind, na die kwadratiese stelsel, die vier-persoon stelsel, naamlik moeder-vader-kind-sibbe. Die basiese sosiale stelsel soos beleef in die gesin word nou by die kind vasgelê. Die vader se rol word ook meer beslissend. Hy word die beleidsbepaler en dissiplineerder en as sodanig stel hy aan die kind groter eise vir 'n prestasie-oriëntering. Die differensiasie van die rolle in die gesin strek nou ook verder as die gesin en word 'n wesentlike deel van die groter sosiale struktuur (Rosenberg en Sutton-Smith, 1972, p. 61).

Die identifikasie bereik nou 'n nuwe, meer gekompliseerde vlak. Nou erken en verinnerlik die kind vir

die eerste keer die onderskeiding tussen manlik en vroulik, weer eens gelyktydig in verwantskap met sy ouers en met homself (Parsons en Bales, 1955, p. 78). Soos reeds gesê, is die basis van die seun se identifikasie met die vader,sy selfkategorisering dat hy behoort tot die *ons-mans*. Die seun kan egter nie die vader in die gesin wees nie. Parsons sê: "... a boy does not become his father", die seun neem ook nie die vader se plek oor nie, maar hy word uiteindelik 'n vader in sy eie nuwe familie (Parsons en Bales, 1955, p. 94; Johnson, 1968, p. 129). 'n Deel van die eie identiteit van die seun word egter gevorm deur sekere elemente wat eie is aan sy vader. Die seun leer die algemene rol van die man en ook dié van die gewone vader in die spesifieke kultuur, deur identifikasie (Rosenberg en Sutton-Smith, 1972, p. 62-63). Die seun identifiseer met die vader en sien sy eie toekoms soos verteenwoordig in sy vader, terwyl die vader ook sy jongerself in sy seun herbelewe (Gutman, 1976, p. 371).

Johnson (1968, p. 128-130) wys ook daarop hoe belangrik die rol van die vader in die geslagsrolontwikkeling van die seun is. Die vader word nou die instrumentele leier wat by die seun 'n belangstelling vir die instrumentele aktiwiteite ontwikkel. Hy brei verder uit op die teorie van Parsons en meen dat identifikasie met die vader lei tot die verinnerliking van 'n wederkerige rolverwantskap wat noodsaaklik is vir die geslagsrolontwikkeling van sowel die seun as die dogter. So sal die rowwe spel van die vader met die seun, lei tot die inisiëring van aggressiewe, aanma-

tigende reaksies by die seun, terwyl die koketterige, vertroetelende optrede van die vader teenoor sy dogter, haar aanmoedig om minsaam, liefhebbend en toegeeflik te wees (Biller, 1974, p. 14).

### 4.4.3 Samevatting en skrywer se siening

#### 4.4.3.1 Samevatting

Dit word algemeen aanvaar dat die identifikasie reeds vroeg begin (Stroup, 1977-78, p. 72). Identifikasie met die ouers vind reeds gedurende die eerste paar jaar van die kind se lewe plaas. Ons is egter geneig om saam te stem met Heilbrun (1973, p. 131) en Stoke (1950, p. 187) dat dit 'n deurlopende proses is, vanaf twee- driejarige ouderdom, tot ongeveer agtienjarige ouderdom. Gedurende hierdie periode is die kind normaalweg nog in die huis en word hy dus deur sy ouers beïnvloed. Die jongmens is gedurende hierdie periode ook nog besonder vatbaar vir invloede.

Die jong kind, hetsy seun of dogter, vorm gewoonlik sy eerste identifikasie met die moeder. Die moeder is die eerste persoon met wie die kind skakeling het en wat vir hom die fisieke versorging bied (Parsons en Bales, 1955, p. 65; Rodgers en Long, 1968, p. 327; Kohlberg, 1966, p. 135; Payne en Mussen, 1956, p. 358; McDonald, 1977, p. 706; Grinder, 1957, p. 382).

Na die aanvanklike identifikasie met die moeder, word die seun geleidelik bewus van die kulturele verwagtinge van sy omgewing, naamlik dat hy manlike gedrag moet

openbaar en begin die seun aanklank by die vader soek. 'n Verskuiwing van identifikasie met die moeder na identifikasie met die vader vind plaas (Siegman, 1966, p. 71; Bandura en Walters, 1959, p. 85; McDonald, 1977, p. 706; Lynn en Cross, 1974, p. 558; Sears, et al., 1957, p. 373; Flora, 1978, p. 102; Hetherington en Frankie, 1967, p. 123; Kohlberg, 1966, p. 136-137; Gold en Berger, 1978, p. 183). Hierdie verskuiwing na die manlike identifikasie moet vroeg in die seun se lewe plaasvind, anders kan hy nie 'n normale manlike persoonlikheid ontwikkel nie (Sears, et al., 1957, p. 373). Die seuns is ook hoogs gemotiveerd om nie vroulik te wees nie, maar voel tog onseker in die verskuiwing. Volgens die psigoanalitiese teorie vind hierdie verskuiwing gedurende die oedipale stadium plaas.

Die seun begin dan onderskei tussen die verskillende geslagsrolle, naamlik manlik en vroulik. Hy aanvaar dus sy rol as manlik, hy maak 'n keuse. Hy verkies die manlike rol en boots dit geredelik na, omdat hy voel dat dit ooreenkom met homself en omdat hy superieure en kompeterende mag en prestige-waarde aan die manlike rol toedig. Die seun verkies nou om die vader na te boots, sy goedkeuring te soek en om met hom te identifiseer. Hy kry nou ook meer geleenthede om die manlike eerder as die vroulike rol te vertolk en word daarvoor aangeprys. Hierdie aanmoediging en beloning lei meer tot manlike as vroulike identifikasie. Radin (1976, p. 242) verwys na Maccoby en Jacklin (1974) wat beweer dat die klein kind self begin met die geslagsrolidentifikasie en modellering na die

voorbeeld van dieselfde geslag, alhoewel slegs nog in die beginstadium (Rabban, 1950, p. 97). Dit begin reeds so vroeg as op driejarige ouderdom. Namate die seuns ouer word, identifiseer hulle gaandeweg meer met die vader en neem ook die kontrolerende houding aan, wat hulle in verband bring met die vaderrol (Emmerich, 1959b, p. 289-290).

#### 4.4.3.2 Die verloop van identifikasie soos gesien deur die skrywer

Na geboorte is die moeder vir die baba die belangrikste anker, die enigste bron van beskerming. Alhoewel die baba nou nie meer die beskermende omsluiting van die baarmoeder van sy moeder ervaar nie, voed, beskerm en vertroetel sy hom nog. Hy ervaar dus nog 'n fisieke kontak met en 'n verbondenheid aan sy moeder. Die moeder is ook die een wat hom die meeste hanteer deurdat sy hom versorg, bad, liefkoos en vertroetel en dus die meeste met hom kommunikeer. Vir die grootste gedeelte van die tyd is sy dus die enigste persoon wat in sy wêreldjie bestaan. Die eerste intieme verbondenheid aan 'n menslike wese, vind dus met die moeder plaas. Omdat die mens 'n wese is wat opvoedbaar is en op opvoeding aangewese is, wat 'n hoër intellek as die dier besit, sal die baba onbewustelik wil leer en ontwikkel. Hy is dus reeds opvoedeling, want hy groei nie slegs fisies nie. Die baba sal uiteraard dus leer van die persoon met wie hy die beskermende verbondenheid het. Die baba leer aanvanklik met sy tassintuig en uiteindelik met sy gevoel, sy gesig, sy gehoor, in kort, met sy hele wese. Die

kind leer deur nabootsing wat ooreenkom met die siening van Sanford, Kagan, Sears, et al. (1966), Bandura en Walters. Hierdie betrokkenheid met die moeder sal egter nie net haar sigbare optredes insluit nie. Die baba word selfs bewus van haar emosionele belewenisse, daarom sal hierdie nabootsing ook 'n verinnerliking van haar gemoedstemminge, karaktereienskappe, waardes, norme, dit wil sê,haar hele mens-wees insluit. Ons vind dus hier identifisering met die moeder. Die skrywer stem derhalwe saam met die psigoanaliste en die sosioloë dat die eerste identifikasie vir beide seun en dogter wel met die moeder plaasvind, juis as gevolg van haar betrokkenheid met hulle. Die skrywer verskil egter van Freud wat betref die seuntjie se seksuele verbondenheid met en aangetrokkenheid tot die moeder. Die gedagte is dat die bewuswording van manlikheid, dit wil sê van manwees, ontwikkel nadat die eerste primêre basiese identifikasie met die moeder reeds plaasgevind het en daar reeds 'n stewige basis van verinnerliking gevorm is. Die primêre identifikasie van die seun met die moeder en die verinnerliking van sekere van haar karakter- en ander eienskappe, verklaar ook die bestaan van vroulike eienskappe wat in elke man teenwoordig is (vgl. Sanford).

Die identifikasie van die dogter verloop dan min of meer soos Mowrer dit sien. Haar primêre identifikasie met die moeder word net voortgesit en verstewig. Dit is en bied vir haar geen probleme nie. Sy word bewus van die verskille tussen geslagte, naamlik dié van vader en moeder, gedurende die kleuterstadium.

Die moeder maak haar bewus daarvan. Sy word, onder andere, nie meer in teenwoordigheid van seuntjies ontklee en gebad nie en sy word ook deur gesprek en daad bewus daarvan dat haar moeder dit ook nie doen nie. Haar identifikasie met die moeder word dus net verstewig en sy skoei haarself meer doelbewus na die voorbeeld van die moeder. Die verinnerliking van die vroulike geslag se gebruike en optredes vind dus bewustelik en onbewustelik plaas na aanleiding van die moeder se voorbeeld.

Die dogter raak ook bewus van die posisie van die vader as hoof van die huis en as eggenoot van haar moeder. Dit vind ook plaas na aanleiding van die moeder se voorbeeld en betrokkenheid. Die moeder laat haar byvoorbeeld besef dat die vader die beslissings neem en ook die beskermer is, om so byvoorbeeld vreesreaksies by die dogtertjie te verdryf.

Die vader is egter ook deel van die ouerpaar. Hy neem deel aan haar versorging, speel ook met haar, kommunikeer met haar, soms selfs op 'n ander manier as die moeder (vgl. met Johnson; Biller). Die vader behandel haar anders as wat hy die boetie behandel. Hy beskerm haar byvoorbeeld teen sy ruwe spel. Sy raak, sonder om dit te definieer, bewus daarvan dat die vader haar as 'n prototipe van haar moeder, naamlik as 'n dame behandel. Hierdie optrede van haar vader vind sy behaaglik. Haar hele vrou-wees, wat 'n spesiale plek, 'n ereplek in die optrede van die man inneem, word onbewustelik deur die optrede van die vader gestreel en aangemoedig. Die dogter identifiseer dus

nog meer met die moeder, want hoe meer sy die vroulike verinnerlik, hoe meer belonend is dit via die vader se optrede. Die vader as man, tree ook teenoor die dogtertjie anders op as byvoorbeeld teenoor seuns, waaronder ook haar broers. Haar broers en ander seuns laat haar minderwaardig voel. Sy kan nie rof speel nie of doen wat hulle doen nie. Die dogtertjie plaas dus haar vader op 'n ander vlak van man-wees. Hy is, sonder dat sy dit besef, vir haar 'n voorbeeld, 'n prototipe van die man-maat van eendag. Daarom identifiseer sy ook met die vader en verinnerlik daardie eienskappe van hom wat sy onbewustelik in die man idealiseer. Die vader berei dus die dogter, sonder dat hy dit as sulks definieer, voor vir haar uiteindelike rol as eggenote in die huwelik.

Die siening van die skrywer ten opsigte van die identifikasie van die seun stem in 'n mate met die siening van Mowrer ooreen, maar sluit ook aan by die siening van Parsons en die ander sosioloë. Na die eerste primêre identifikasie met die moeder, word die seuntjie net soos die dogtertjie gedurende die kleuterstadium geleidelik bewus van die twee geslagte. In die geval van die seun dra albei ouers ook by om hierdie bewuswording aan te help. Die vader begin nou geleidelik die seun losmaak van die moeder. Die seuntjie word nou sỳ seun, tree toe tot die wêreld van die man. Hy betrek die seun al meer by manlike aktiwiteite, speel met hom rowwer en ander tipe spele as met die dogtertjie en betrek hom by die mans en hulle besprekings. Die vader stel dus vir die seun 'n voorbeeld van hoe die man optree en behoort op te

tree. Die vader word nou ook vir die seun die persoon wat belofte inhou. Die vader kan vir hom deure oopmaak wat die moeder nie kan doen nie. Die vader is die beskermer van die gesin, hy neem beslissings en hy voorsien die finansies. Selfs sy moeder, tot dusver vir die seun die belangrikste of die hooffiguur, behandel die vader as die belangrikste persoon in die gesin. As hy van die werk af kom, word hy verwelkom en voordele in die gesin aan hom toegewys. Almal offer op ter wille van hom. Die vader word dus vir die seun die hooffiguur in sy op-weg-wees na volwassenheid.

Die moeder dra ook by om die begrip van manwees, asook die manlike rol aan die seun voor te hou. Sy skep 'n manlike atmosfeer in sy kamer. Sy verwys daarna dat sy geaardheid en gelaatstrekke ooreenstem met die van sy vader of grootvader. Dit dien as motivering vir die seuntjie om soos pa te wees.

Alles dra derhalwe by en help mee om te verseker dat die seuntjie met sy vader identifiseer. Dit verloop vir die seun egter nie altyd sonder spanning nie. Alhoewel die posisie van manwees vir hom aanloklik en baie belonend is, hou die onbekendheid, onsekerheid, grootsheid en veral die verantwoordelikheid wat dit meebring, vir hom vrees in. Dit bring ook mee dat hy die beskerming van en in 'n groot mate die opvoeder self aan wie hy tot dusver vasgehou het, moet prysgee. Hy moet hom losmaak van sy moeder wat die spil was waarom alles gedraai het, met wie hy hom geïdentifiseer het. Hier is dus wel sprake van 'n

verskuiwing van identifikasie en stem ooreen met die siening van die psigoanaliste. Ten spyte van die spanningsituasie wat dit vir die seun meebring, bly die prikkel, die aanloklikheid, die motivering wat die *man-rol* vir hom inhou, nog sterker as sy vrese vir die probleme verbonde aan die rol en identifiseer hy tog met die vader. Dit kom dus baie ooreen met die sosioloë se *ons-mansmense* gedagte.

Indien die moeder die seun te heg aan haar verbind, te besitlik is, eintlik onvolwasse optree in haar vashou aan die seuntjie, hom dus nie help om van sy moeder los te maak nie en nie hulp verleen in sy aanvaarding van die manlike geslagsrol nie, kan dit vir die seun probleme skep en hom verward laat. Hy besef dat hy man is en die manlike geslagsrol moet aanvaar maar die vrees rondom die aanvaarding daarvan, is vir hom te veel. Dit kan by die seun ŉ minderwaardigheidsgevoel, ŉ selfveragting en selfverwyt laat ontstaan wat hom dobberend tussen die twee geslagte kan laat.

ŉ Belangrike bydrae van die vader lê daarin dat hy die seun help om hom van die moeder los te maak. Die vader wat dus beskikbaar is, leer vir sy seun geleidelik al die aspekte van manwees. Hy ontlont die onbekendheid en vrese van die seun wat gekoppel is aan die manlike rol. Die vader sal dus op hierdie stadium van sy seun se lewe, die belangrikste persoon in sy lewe wees.

## 4.5 DIE FAKTORE WAT IDENTIFIKASIE BEÏNVLOED

Omdat dit in hierdie studie grotendeels gaan om die verhouding tussen vader en seun, word gekonsentreer op die geslagsrolidentifikasie van die seun.

### 4.5.1 Algemene faktore

Stoke (1950, p. 166-168) formuleer die volgende faktore wat die proses van identifikasie beïnvloed:

* Die feit dat die kind òf seun òf dogter is.
* Sy of haar ontvanklikheid vir sekere norme van gedrag.
* Die sosiale druk op kinders om met hulle eie geslag te identifiseer.
* Die graad van toegeneentheid wat aan die kind betoon word deur die persoon met wie hy hom wil identifiseer.
* Die mate waartoe die behoefte van die kind bevredig word deur die persoon met wie hy hom wil identifiseer.
* Die mate van bekendheid wat die identifiseerder met die persoon, die identifikasiemodel het.
* Die duidelikheid van die rol van die identifikasiemodel.
* Die houding van invloedryke persone teenoor die persoon met wie die kind poog om te identifiseer.
* Die kind se vermoë om soos die persoon te wees met wie hy hom wil identifiseer.

* Die kind se geaardheid in vergelyking met dié van die persoon met wie hy hom wil identifiseer.
* Die bestaan van 'n sterk behoefte aan die kant van die kind wat teenstrydig is met,of saamval met, die vereistes en persoonlikheid van die persoon met wie hy poog om hom te identifiseer.

### 4.5.2 Teenwoordigheid van die vader

Die kind sal die geslagsrol van die ouer met wie hy die meeste identifiseer,as sy eie aanvaar (Sears, 1957, p. 161; Maccoby en Jacklin, 1975, p. 285). Dit bring mee dat identifikasie met sy vader vir die seun die belangrikste faktor in die manlike geslagsrolaanvaarding is (Nash, 1965, p. 287). 'n Vroeë suksesvolle identifikasie met die vader sal meehelp dat die seun 'n geskikte manlike identiteit of 'n manlike selfbegrip ontwikkel. Aangesien die vader minder in die kind se teenwoordigheid is as die moeder, ondervind die seun meer probleme as die dogter om die geslagsrol van die ouer van dieselfde geslag aan te neem, juis omdat die seun minder geleentheid het om die vader se uitlewing van die manlike rol waar te neem (Brown, 1956, p. 3). Carlsmith (1964, p. 3) wys op die noodsaaklikheid dat die vader vir ten minste 'n gedeelte van die seun se kinderjare in die huis teenwoordig moet wees, voordat daar sprake kan wees van identifikasie. Indien die vader egter nie gedurende die voorskoolse stadium, die kritieke stadium vir identifisering, teenwoordig is nie, word die proses van identifikasie met die vader ernstig benadeel. Laasgenoemde

kan lei tot 'n permanente gebrekkige identifikasie (Nash, 1965, p. 285).

Gebeur dit dat die vader-seunverhouding versteur word, byvoorbeeld as gevolg van afwesigheid van die vader, lei dit tot 'n verswakte motivering by die seun om wel te identifiseer. Daarbenewens soek die seun dan ook identifikasiemodelle buite die gesin (Hornstein, 1970, p. 102).

Die vader-kindverhouding word dikwels versteur omdat die vader as gevolg van werksomstandighede, egskeiding of sterfte nie in die huis is nie (vgl. par. 3.6.6.1). Santrock (1970a, p. 270) vind nie-identifikasie van die seun sowel as die dogter, waar die vader ten minste twee jaar van die huis af weg is. Die seuns toon 'n groter mate van vroulikheid en meer gebrekkige geslagstiperende gedrag as die dogters. Burton (1972, p. 365-366, 372-373) vind vroulike identifikasie en konflik by vader-afwesige seuns, veral as die vader gedurende die seuns se eerste twee lewensjare afwesig was. Siegman (1966, p. 73) asook Walters en Stinnett (1971, p. 82) verwys na vroulike identifikasie van die seuns as gevolg van afwesigheid van die vaders.

### 4.5.3 Voorbereiding van die vader

Die vader wat as seun geleer het om met sý vader te kommunikeer en die geleentheid gehad het om met hom te identifiseer, sal baie makliker vir sy eie seun 'n identifikasiefiguur vorm. Sy eie ondervinding sal help om die skanse tussen vader en seun af te breek.

Bartemeier (1953, p. 279) sê dit is noodsaaklik dat die vader self gedurende sy kinderjare, 'n sterk identifikasie met sy vader opgebou het. Hy moes daarna gestrewe het om soos sy vader te wees en moes sy vader se karaktertrekke en beginsels sy eie gemaak het om dit weer aan sy seun te kan oordra. Die vader moes hom ook in 'n mate kon identifiseer met sy moeder. Hy moes haar gerespekteer en liefgehad het, en sekere van haar karaktereienskappe sy eie gemaak het.

### 4.5.4 Skakeling met die seun

Die vader se teenwoordigheid in die huis sal nog nie verseker dat daar wel identifikasie tussen vader en seun plaasvind nie. Eers as daar skakeling is, die vader bemoeienis met die seun maak, kan daar 'n moontlikheid van identifikasie wees.

Die vader as volwassene, die opvoeder, reik die volwassene-wordende, die opvoedeling, die hand. Hy skep dus vir die seun die moontlikhede vir identifikasie. Die vader as opvoeder,bewerkstellig skakeling, hou die manlike rol as't ware vir die seun voor. Dit is egter nog meer, dit is die voorbeeld van die vader, hoe hy die manlike rol self beleef, wat dien as motivering tot identifikasie. Die besieling en entoesiasme van die vader vir sy posisie as man, sal na die seun oorgedra word. Die vader wat aan sy seun die geleentheid bied om met hom by sy werk, sy beroep, tuis, of ook by ander werksaamhede betrokke te raak, skep daardeur nog verder geleenthede vir identifikasie (Barker, et al., 1943, p. 24). Greene

(1974, p. 306), verwys na seuns wat hulle nie met die vader geïdentifiseer het nie en die manlike rol verwerp het. Om die seuns en vaders weer bymekaar te bring, is gesamentlike aktiwiteite, wat vir vader en seun aanvaarbaar is, gevind. Die gesamentlike deelname van vader en seun het meegehelp om die kwaliteit van die vader-seunverhouding te verhoog. Dit het weer gelei tot 'n positiewe manlike identifikasie by die seun.

Die vader wat die seun toelaat om toenemend in sy aktiwiteite te deel, sal verseker dat die seun al meer met hom identifiseer (Payne en Mussen, 1956, p. 358). Die vader word dus geleidelik vir die seun sy hoofbron van beloning.

### 4.5.5 Betrokkenheid by versorging

Die vader wat ook help met die seun se grootmaak en versorging, selfs vanaf die baba-stadium, skep die geleentheid dat die seun wel met hom sal identifiseer. Die grootste persentasie van 'n eksperimentele groep seuns van wie die vaders by hulle versorging as babas aktief betrokke was, het 'n groot mate van identifikasie met hulle vaders getoon (Pedersen en Robson, 1969, p. 472). In die geval van seuns wat sterk met die manlike geslagsrol en met hulle vaders geïdentifiseer het, het die vaders 'n groter rol gespeel in die grootmaak en vroeë versorging van die seuns, as die groep wat minder identifiseer met die manlike rol (Mussen en Distler, 1960, p. 90, 93-94, 98; 1959, p. 353, 355).

Die vader se betrokkenheid by die seun se versorging sal meehelp dat die seun gemaklik en tuis voel in sy vader se teenwoordigheid. Hy sal meer van sy vader se houding en gedrag sy eie maak, en ook meer met hom identifiseer (Payne en Mussen, 1956, p. 361; Bieri en Lobeck, 1959, p. 86).

### 4.5.6 Die vader as beleidsbepaler

Die vader wat beleidsbepaler in die huis is en sterk standpunt inneem, maar tog van liefde-georiënteerde straftegnieke gebruik maak, se seuns toon 'n sterk manlike geslagsrolidentifikasie (Mussen en Distler, 1960, p. 93-94, 96-98; 1959, p. 353-355; Hetherington en Frankie, 1967, p. 124; Bieri en Lobeck, 1959, p. 82-86). Indien die vader nie die beleidsbepaler is nie, bring dit ontwrigting in die seun se identifikasie mee (Hetherington, 1965, p. 193). Die seun sal minder met die vader identifiseer indien die vader die minder invloedryke van die ouers is (Bowerman en Bahr, 1973, p. 375). Vaderlike oorheersing in die huis kan 'n pertinente rol speel om vir die seun die verskuiwing van identifikasie met die moeder, na identifikasie met die vader te vergemaklik (Hetherington en Frankie, 1967, p. 123). Hierdie bevindinge word ondersteun deur Bieri en Lobeck (1959, p. 80), wat vasgestel het dat seuns en dogters wat gesag die beste aanvaar, die meeste met die vader identifiseer en dié wat gesag die minste aanvaar, die meeste met die moeder identifiseer.

Hetherington en Brackbill (1963, p. 938-939) stel in

hulle navorsing vas dat, in die geval van seuns met dominante vaders, het die seuns met die vader geïdentifiseer en is 'n ooreenkoms in persoonlikheidseienskappe gevind. Indien die moeder dominant is, word die identifikasieproses versteur of vertraag en toon die seun persoonlikheidstrekke wat ooreenkom met die van die moeder.

4.5.7 Ander eienskappe van die vader

a) Die seun wat 'n hartlike, warm toegeneë vader het, sal baie meer met hom identifiseer en sy gedrag aanvaar en naboots as andersins (Payne en Mussen, 1956, p. 361; Bandura en Walters, 1959, p. 311; Mussen en Distler, 1960, p. 94, 96-98). Walters en Stinnett (1971, p. 78) wys ook daarop dat 'n hartlike, bevredigende onderlinge verwantskap tussen gesinslede moet bestaan om te verseker dat identifikasie van die kinders met die ouers wel sal plaasvind. Die betrokkenheid en identifikasie met die ouer kom selfs by rokers en nie-rokers sterk na vore. Die daaglikse rokers het beduidend minder met sowel vader as moeder geïdentifiseer as nie-rokers (Forman, 1976, p. 3606).

b) Die sterk manlike vader verseker dat die seun meer met hom identifiseer as die minder manlike vader (Heilbrun en Fromme, 1965, p. 55). Biaggio en Nielsen (1976, p. 622) wys ook daarop dat die sterk manlike seun meer met die vader as met die moeder identifiseer. Die vraag is egter of die sterk manlike eienskappe van die seun nie reeds 'n aanduiding is van identifikasie met 'n sterk manlike vader nie.

c) Die kind as fyn waarnemer sal bewus wees van die eerlike bedoelings van die opvoeder al dan nie. Hy sal geneë wees om meer met 'n eerlike model te identifiseer as met een wat oneerlik is (Smith en Guerney, 1977, p. 234).

d) Freud verwys na die verhouding tussen vader en seun, as 'n identifikasie van die liefderyke soort. 'n Mate van toegeneë afhanklikheid aan die kant van die vader, sal die moontlikheid van die seun se identifikasie met hom, die aggressor, verhoog (Bronfenbrenner, 1960, p. 20; Biller, 1974, p. 12).

e) Whiting beklemtoon dat die kind in talle aktiwiteite van die ouer wat hy beny, betrek wil word. So sal die seun, volgens hom, byvoorbeeld 'n manlike identifikasie nastreef indien hy sy vader sien as die persoon wat toegang tot meer voorregte, aantreklike doelwitte en aktiwiteite as die moeder het (Biller, 1974, p. 12; Bandura en Walters, 1964, p. 94).

## 4.6 PERSONE MET WIE GEÏDENTIFISEER WORD

Identifikasie is nie 'n alles-of-niks proses nie (Kagan, 1958a, p. 304). Daar kan slegs gedeeltelik met een ouer geïdentifiseer word. Dit is ook waar dat die kind nie slegs met een ouer identifiseer nie, nie slegs eienskappe van 'n spesifieke ouer sy eie maak nie, nie slegs nabootsing op een ouer toespits nie (Heilbrun, 1976, p. 412). Die kind kan wel meer karaktereienskappe van dié ouer wat hy as die hoofidentifikasiefiguur aanvaar, besit, maar hy kan ook karaktereienskappe van die ander ouer hê. Die kind

is ook nie slegs 'n junior of kleiner replika van die een enkele model nie, maar vertoon eerder 'n unieke gedragspatroon wat 'n mengsel van eienskappe van albei ouers verteenwoordig (Bandura, et al., 1963, p. 527-534).

Die algemene neiging is dat die seun meer met die vader identifiseer en die dogter meer met die moeder (Gray en Klaus, 1956, p. 111; Beier en Ratzeburg, 1953, p. 572; Hetherington en Frankie, 1967, p. 122; Emmerich, 1959b, p. 289-295; 1959a, p. 406; Maccoby en Jacklin, 1975, p. 286; Nash, 1965, p. 281; Bieri, 1960, p. 76; Sopchak, 1952, p. 164-165; McDonald, 1977, p. 713, 717; Norman, 1977, p. 253). Brown (1956, p. 9) het egter vasgestel dat die seuns 'n groter voorkeur verleen aan die manlike rol as wat die dogters voorkeur verleen aan die vroulike rol.

Indien daar egter slegs 'n vroulike model in die huis teenwoordig is, gebeur dit dat die seuns nie hulle vroeë vroulike-modelidentifikasie na die manlike modelle kan verplaas nie. Hierdie tipe nie-verplaasbare identifikasie word na verwys as kruisgeslagsidentifikasie of teenoorgestelde geslagsidentifikasie (Rodgers en Long, 1968, p. 327; Kelly en Worell, 1976, p. 843). Brown (1957, p. 201) sien die kruisgeslagsidentifikasie as 'n vroeë, aanhoudende, emosioneel diepgewortelde identifikasie met, sowel as, 'n voorkeur vir die geslagsrol van die teenoorgestelde geslag. In die geval van die dogter sal vaderlike oorheersing in die huis, die kruisgeslagsidentifikasie vergemaklik, maar nie die identifikasie met die

moeder versteur nie (Hetherington, 1965, p. 193).

Ghosh en Sinha (1966, soos aangehaal deur Walters en Stinnett, 1971, p. 100) het navorsing met broers en susters in Indië gedoen. Vir sowel die jonger as die ouer kinders was die vader die hoof-identifikasie-figuur. Albei groepe het egter 'n groter wisselwerking met die moeder as met die vader getoon. Rutter (1972, p. 17) en Biller (1974, p. 25) verwys na die gegewens van Schaeffer en Emerson (1964) wat aandui dat vir ongeveer die helfte van die kinders van agtien maande oud, die moeder die persoon is met wie die meeste skakeling gesoek word en vir eenderde, die vader. In die Amerikaanse kultuur word die moeder as die hoofversorger en as die hoof-identifikasie-figuur beskou (Sears, et al., 1957, p. 373). Bandura, et al. (1963, p. 533) se argument is dat die kind geneig is om met die verskaffer van beloning, eerder as met die mededinger vir beloning,te identifiseer.

Identifikasie met die ouers, alhoewel baie belangrik, is nie die enigste soort identifikasie nie. Die kind sal ook identifiseer met ander persone met wie hy in aanraking kom. Afgesien van sy ouers, identifiseer hy met ander persone in die gesin, byvoorbeeld 'n ouer broer of suster. Identifikasie vind egter ook plaas met ander familielede, byvoorbeeld 'n geliefde oom of sy grootouers. Die kind wissel die identifikasiemodel af na gelang van soos wie hy graag wil wees, byvoorbeeld iemand in die omgewing, 'n onderwyser, 'n held op die sportveld, 'n rolprent- of televisiepersoonlikheid. Die tydperke van identifisering kan ook

wissel van korter tot langer periodes. Die invloed van sommige modelle is ook minder sterk as die van ander (Stoke, 1950, p. 180-181). Benson (1974, p. 22) noem ook dat die kind vroeg in sy lewe identifiseer met mense wat vir hom heldefigure is en wat selfs in sy latere lewe sy gedrag kan beïnvloed.

## 4.7 DIE INVLOED VAN IDENTIFIKASIE OP DIE WORDING VAN DIE OPVOEDELING - VERAL DIE SEUN

### 4.7.1 Die seun se sosiale volwassewording

#### 4.7.1.1 Identifikasie en sosialisering

Identifikasie help kinders om geskikte sosiale rolle deur nabootsing of modellering van die gedrag van belangrike volwassenes te verwerf (Jackson en Meara, 1977, p. 82; Jackson, et al., 1974, p. 85). Alhoewel 'n sekere mate van die kind se sosialisering plaasvind deur direkte oefening, sal die meeste waardes en standaarde wat uiteindelik sy gedrag bepaal en rig, verkry word deur nabootsing van die belangrike volwassenes in sy lewe. Die kind wat nie noue afhanklike bande met sy ouers het nie, sal baie min geleentheid hê en behoefte ervaar om hulle voorbeeld na te volg en om die standaard en gedrag van die ouers te verinnerlik (Bandura en Walters, 1959, p. 32). Bandura en Huston (1961, p. 311) stem saam en sê dat alhoewel 'n deel van 'n kind se sosialisering plaasvind deur direkte leer, word 'n groot deel van sy gedragsrepertoire verkry deur identifikasie met die belangrike volwassenes in sy lewe. Aangesien die ouers

die belangrikste volwassenes in die kind se lewe is, volg dit dat die ouers vir die kind die belangrikste identifikasiefigure is. Identifikasie met die vader sal, onder andere, lei tot die ontwikkeling van sosiale waardes wat die kind sal help in sy aanpassing (Kohlberg, 1966, p. 142; Smith en Walters, 1978, p. 21, 27). Sopchak (1952, p. 165) meen dat, vir normale aanpassing, identifikasie met die vader belangriker is as identifikasie met die moeder. Cava en Raush (1952, p. 855) stel vas dat seuns wat min konflik ervaar sterk met hulle vaders identifiseer.

Esty (1968, p. 1170) vind dat by studenteleiers die leiersaktiwiteite van die ouers en in besonder dié van die vaders, as voorbeeld vir die studente gedien het. Dit is dus identifikasie met die ouermodel wat gereflekteer word in die prestasie van die kinders as studente.

Gray (1959, p. 91-105) het vasgestel dat seuns wat deur hulle gelykes gunstig bejeën word en wat dus sosiaal goed aangepas is, meer identifiseer met die vader as met die moeder. Identifikasie van die seun met die vader toon dus 'n positiewe verband met die seun se sosiale aanpassing. Dogters wat met hulle moeders identifiseer, geniet egter nie soveel goeie gesindheid van hulle maats nie. In hierdie geval toon identifikasie van die dogter met die moeder dus nie 'n verband met sosiale aanpassing nie.

4.7.1.2 Sosialisering in die huis

Die voorskoolse kind het relatief min sosiale kontakte buite die gesin en daarom sal identifikasie by kinders van vier tot vyf jaar, 'n noue verband met die gesagstruktuur in die huis toon (Hetherington, 1965, p. 188). Die ouers in die huis bly vir die klein kind die belangrikste identifikasiefigure. Ouerlike vermaninge en dissipline dra grootliks by om die sosialisering van die kind te beïnvloed. Aangesien die ouers egter nie deurentyd by die kind kan wees en hom gedurig vermaan en rig nie, is dit noodsaaklik dat die kind 'n eie innerlike kontrole verwerf wat hom kan rig, indien hy in die sosiale situasie alleen te staan kom. Die ontwikkeling van hierdie innerlike kontrole vind hoofsaaklik plaas deur die proses van identifikasie met die ouer. Hierdie verinnerlikte waardes en kontroles wat die kind verwerf, verseker vir hom 'n eie innerlike kontrole. Hy stel dus nou sy eie vereistes en hy het 'n eie selfagting ontwikkel wat dien as sy hoofrigtingwyser en afskrikmiddel en hom help in die sosialiseringsproses. Indien die kind nie hier die waardes en kontroles deur identifikasie met die ouers verwerf nie, bly hy soos 'n weerhaan,afhangende van die druk wat op hom uitgeoefen word (Bandura en Walters, 1959, p. 247-248). Identifikasie van die seun met die vader sal wel plaasvind, indien die vader sy plek as gesagsfiguur in die huis inneem en die identifikasiemodel vir die seun bly. Hoe meer die vader aanvaar dat daar 'n ooreenkoms tussen hom en sy seun bestaan, hoe beter sal die seun sosiaal aanpas en hoe meer sal hy

met die vader identifiseer (Lockwood, en Guerney, 1962, p. 347).

#### 4.7.1.3 Identifikasie en asosiale gedrag

Anti-sosiale gedrag kom by seuns veral sterk na vore waar die vader nie in die huis is nie (vgl. par. 3.8.3.5.2) en daar dan nie vaderidentifikasie kan plaasvind nie. Siegman (1966, p. 71-73) bevestig in sy navorsing Parsons (1947) se siening dat probleme om 'n voldoende geslagsrolidentifikasie te verwerf, 'n beduidende bron van manlike anti-sosiale gedrag kan wees. Hy meen ook dat die afwesigheid van die vader die oorsaak van die swak geslagsrolidentifikasie is en dat dit lei tot anti-sosiale gedrag. Manlike mediese studente wat gedurende hulle vroeë kinderjare van hulle vaders geskei was, toets beduidend hoër op 'n anti-sosiale gedragskaal as die vader-teenwoordige groep. Die vader-afwesige groep se vroulike oriëntering word gesien as vroulike identifikasie. Hierdie groep kompenseer ook namate hulle ouer word vir hulle vroulike identifikasie met 'n oordrywing van hulle manlikheid (Siegman, 1966, p. 73; Biller, 1974, p. 67).

Glueck en Glueck (1950, p. 252) verwys na die onvermoë van 'n baie groot persentasie seuns wat oortree, om 'n voldoende geslagsrolidentifikasie te vorm. Dit bring emosionele spanning in hulle verhoudings met die vader, moeder en sibbe mee. Die verhouding tussen die jeugmisdadiger-seun en sy moeder is ook baie

beter as die verhouding tussen hom en sy vader. Die jeugmisdadiger toon 'n gebrek aan identifikasie met die vader en streef ook nie daarna om soos sy vader te wees nie, terwyl dit wel die geval is met die seun wat nie 'n jeugmisdadiger is nie (Glueck en Glueck, 1950, p. 133; 1959, p. 16-17, 244, 248; Andry, 1960 soos aangehaal deur Nash, 1965, p. 273). By seuns sien twee keer soveel oortreders as nie-oortreders hulle vaders as nie-aanvaarbare nastrewingsmodelle (Glueck en Glueck, 1950, p. 280). Ook mans met neigings tot abnormaliteite toon 'n groter gebrek aan identifikasie met hulle vaders as met hulle moeders (Sopchak, 1952, p. 164-165).

Gregory (1965a, p. 99-108)gebruik in sy navorsing 'n groep van 11 329 kinders. Hierdie kinders kom uit gebroke gesinne waarvan een ouer of dood is of die huis verlaat het. Die kinders self was almal betrokke by een of meer oortredings. Sommige het ook skool verlaat. Gregory stel vas dat die identifikasie van die kind met die ouer van dieselfde geslag en die kontrole van laasgenoemde meer bepalend is in die voorkoming van jeugmisdaad by seuns en dogters, as enige aspek van die kind se verhouding met 'n ouer van die teenoorgestelde geslag. Die vader kan dus deur sy besliste optrede in die huis, deur beleid te bepaal en perke te stel, sorgdra dat sy seun met hom identifiseer. Dit kan vir die seun as hulpmiddel dien in die voorkoming van jeugmisdaad (Smith en Walters, 1978, p. 22).

Die ouers moet binne gesinsverband, terwille van hulle

kinders, ook 'n verenigde front vorm. Dit is belangrik dat hulle eenvormig is onder andere wat betref hulle geloof, politieke sieninge, en die ideale, eise en beperkinge wat hulle aan hulle kinders stel. Die lewensfilosofie van die ouers sal dan selfs sonder woorde, opdragte en gedurige struweling, daagliks in die natuurlike gesinsituasie om die etenstafel of by die huisaltaar, aan die kinders oorgedra word. Dit sal geleidelik, deur identifikasie met die ouer, deel word van die kind se verinnerliking. Indien die ouer hierin in gebreke bly, en nie die behoefte by die kind om met sy ouer te identifiseer, bevredig nie, kan dit ook daartoe lei dat hy wegbreek van bestaande sosiale norme en gebruike (Bandura en Walters, 1959, p. 258). Yost en Adamek (1974, p. 120-121) verwys na studente met 'n radikale gesindheid wat 'n lae identifikasie met hulle ouers toon en wat by bronne buite die gesinsverband na 'n lewensfilosofie gesoek het omdat die ouers te kort geskiet het. Die ouers kon die kinders nie leer om sosiaal aan te pas nie, en het nie as ouers 'n verenigde front gevorm nie. Hulle het onder andere verskil wat betref hulle geloof, politieke siening en die stel van norme en waardes.

Kinders wat nie met hulle ouers identifiseer en nie sekuriteit by hulle ouerhuise vind nie, is geneig om van hulle ouerhuise weg te breek en in kommune te gaan woon. Ook die idee van groephuwelike word aangegryp op soek na die betekenisvolle verhoudings wat hulle nie in hulle ouerhuise kon vind nie (Törnberg, 1973, Bärsch, 1973, Jasinsky, 1973, Bruggemann, 1973, Thormann, 1973, Winterberg, 1973, Niehaus, 1973, soos

aangehaal deur Eksteen, 1978, p. 89-91, 140-142; Yost en Adamek, 1974, p. 120-121).

'n Swak identifikasie van die seun met sy vader word in baie gevalle ook in sy huwelikslewe gereflekteer. Barry (1970, p. 50, 52) wys daarop dat sommige huweliksprobleme, veral van die laer klas, gedeeltelik teruggevoer kan word na die probleem wat die man as seun ondervind het met manlike identifikasie. As seun kon hy nie voldoende met die vader identifiseer nie, omdat die vader afwesig was, 'n swakkeling was, min gevoel vir sy seun openbaar het, of as gevolg van sy onsekerheid oor sy eie manlikheid. Evans en Maserik (1968, soos aangehaal deur Lynn, 1974, p. 258) het by die ongetroude vaders vasgestel dat hulle swak begrip van persoonlike identiteit en in baie gevalle swak manlike identifikasie, die oorsaak van hulle onvolwassenheid en onverantwoordelikheid was wat gelei het tot sosiale aanpassingsprobleme.

### 4.7.2 Die seun se emosionele volwassewording

#### 4.7.2.1 Ouerbetrokkenheid

Identifikasie met die ouer, is afhanklik van die emosionele verbondenheid aan die ouer (West, 1955, p. 198; vgl. par. 3.8.2). Indien die emosionele verbondenheid van die ouer op een of ander manier versteur word, gebeur dit dat die kind nie met die ouer identifiseer nie. Die omgekeerde is ook waar, naamlik dat hoe meer die seun byvoorbeeld met die vader identifiseer, hoe beter is hy emosioneel by sy ouerhuis

aangepas en hoe groter is sy selftevredenheid (Lockwood en Guerney, 1962, p. 346).

### 4.7.2.2 Emosionele ontwrigting en nie-identifikasie as gevolg van die optrede van die ouer

Die optrede van die identifikasie-model in die huis kan identifikasie op emosionele vlak tot gevolg hê. Die kind wat gedurig 'n aggressiewe model in die huis aanskou, sal die aggressie uiteindelik naboots. Die kwaliteit van die verhouding tussen die model en die kind is hier nie van belang nie (Bandura en Huston, 1961, p. 317). Dit sluit aan by identifikasie met die aggressor (vgl. par. 4.2.1).

Die ouer of ouers wat die kind met geboorte of kort daarna verwerp, veroorsaak dat emosionele ontwrigting by die kind ontstaan as gevolg waarvan daar dan nie sprake van identifikasie met die ouer kan wees nie. Jeugmisdaad kom baie onder sulke seuns voor (Glueck en Glueck, 1950, p. 122). Dit is baie onwaarskynlik dat die kind wat deur sy ouers verwerp word, 'n goeie identifikasie sal vorm (Stoke, 1950, p. 179).

Die vader wat self ongelukkig is en onseker is van sy rol as eggenoot, kan onbewustelik in sy seun die ooreenstemmende vrees en afkeur inprent en ook negatiewe gevoelens by hom ontlok. As gevolg daarvan kan dit gebeur dat die seun nie met sy vader identifiseer nie (West, 1955, p. 198).

#### 4.7.2.3 Die vader afwesig

In sommige gevalle lei 'n breuk in die gesin tot 'n ernstige breuk in die seun se proses van emosionele identifikasie met sy vader (Glueck en Glueck, 1950, p. 123) en wel omdat die verbrokkeling van die gesin vir die kind so 'n emosionele slag is en sy sekuriteit skade lei (vgl. par. 3.8.2.2).

Jong manlike volwassenes wat gedurende die oedipale periode van hulle vaders geskei was, toon 'n sterk ondertoon van spanning en baie minder noue identifikasie met hulle vaders as die groep wat nie van hulle vaders geskei was nie (Leichty, 1960, soos aangehaal deur Walters en Stinnett, 1971, p. 82). Indien die seun nie 'n geskikte geslagsrolidentifikasie met die vader kan vestig nie, kan dit 'n faktor wees wat kan lei tot persoonlike wanaanpassings, insluitende perversie, neuroses en psigoses (Brown, 1956, p. 1; 1957, p. 201; Heilbrun en Fromme, 1965, p. 55).

### 4.7.3 Die seun se seksuele volwassewording

#### 4.7.3.1 Algemeen

Die ontwikkeling van 'n bevredigende persoonlikheid by die seun, veral ten opsigte van die seksuele aspekte, hang in 'n groot mate af van die identifikasie met die vader of die plaasvervanger vir die vader (Smith en Walters, 1978, p. 21). Die modellering en versterking van die manlike eienskappe spruit grootliks voort uit die vader se aanmoediging van identifi-

kasie. Die vader wat egter wel saam met sy gesin woon en tog min kontak met sy seun het, ontmoedig die kinderlike kommunikasie wat 'n blokkasie van die identifikasieproses tot gevolg het (Bieber, et al., 1962, p. 115).

4.7.3.2 Seksuele anomalieë

In paragraaf 3.8.4.2 is daarop gewys dat die meerderheid seksuele anomalieë as verdraaiings van die manlike geslagsidentiteit gevind word (Money en Ehrhardt, 1972, p. 148). Die onvermoë van die mans om met hulle vaders te identifiseer, word beskou as die beslissende faktor wat oorsaak is van een van die genoemde anomalieë, naamlik homoseksualisme (Brown, 1956, p. 3-4, 9; 1958, p. 238; Hayes, 1965 soos aangehaal deur Biller, 1974, p. 78). Thompson, et al. (1973, p. 123-126) het vasgestel dat die vroulike homoseksueles nie met die vader of moeder identifiseer nie. Die manlike homoseksueles identifiseer minder met die vaders as die kontrolegroepe. Hulle vind hulle vaders meer vyandig en afsydig en het intieme verhoudings met hulle moeders. Die homoseksualis se nie-identifikasie met sy ouers,bring sodanige vervreemding van die ouers mee, dat dit lei tot "lone-wolfishness" en andersheid, wat meebring dat maats as modelle vir heteroseksuele identifikasie ook uitgeskakel word.

Kruisgeslagsidentifikasie, wat juis kan ontstaan as gevolg van nie-vaderidentifikasie (Rodgers en Long, 1968, p. 327, 330-331; Brown, 1957, p. 201), kan ook

lei tot homoseksualisme of nie-toepaslike geslagsgedrag by mans (Brown, 1958, p. 238; Rodgers en Long, 1968, p. 327). Laasgenoemde skrywers beweer na aanleiding van hulle navorsing in die Bahama-eilande, dat selfs die inisiasie-seremonie, alhoewel hard, kan bydra om die nodige affektiewe korreksies vir die kruisgeslagsidentifikasie by die jong mans wat sonder manlike modelle grootword, aan te bring. Green (1974, p. 26) stem saam met laasgenoemde en bevestig dit ook vir ander kulture.

### 4.7.4 Die seun se sedelike volwassewording

#### 4.7.4.1 Identifikasie of aangeleerde gedrag

Alhoewel identifikasie kan bydra tot die sigbare sedelike hoedanighede by die kind, is identifikasie nie 'n alles-deurdringende proses in die sedelike ontwikkeling nie (Hoffman, 1971b, p. 1078). Volgens Kohlberg (1966, p. 142) beteken sedelike identifikasie gedurende die kinderjare, om soos die eie vader te wees deur 'n goeie seun te wees en aan die vader se verwagtinge te voldoen. Dit beteken nie slegs dat gedrag aangeneem word wat by die rol van die vader pas nie. Ook Moulton, et al. (1966, p. 362) erken dat die inkorporering van sedelike standaarde verkry word deur 'n proses van identifikasie en nie slegs as 'n reaksie op die direkte vergoeding vir sedelike gedrag nie.

#### 4.7.4.2 Betrokkenheid van ouers

Hoffman (1971b, p. 1080) wys daarop dat identifikasie van die kind met die ouer op sedelike vlak, veral plaasvind waar die ouer in 'n nie-dissiplinêre interaksie met die kind te staan kom. Dit vind ook plaas waar die ouer inligting aan die kind oordra in verband met sy persoonlike karaktereienskappe, onder andere, ook sy sedelike oriëntering. Om te verseker dat die verinnerliking by die kind plaasvind, dit wil sê dat die proses van identifikasie ten volle verloop, moet die ouer krities teenoor homself staan en nie huiwer om skuld te erken nie. Die ouer moet dus vir die kind 'n duidelike voorbeeld as model daarstel. Die kind se motivering tot identifikasie behoort so sterk te wees dat dit sy natuurlike afkeer van die meer pynlike, self-kritiese situasies, sal oorbrug.

Soos ook op ander vlakke sal die identifikasie met die ouer, varieer van kind tot kind. Sommige seuns ontwikkel 'n sterk stelsel van geïnkorporeerde standaarde deur met die vader te identifiseer en ander weer deur met die moeder te identifiseer (Moulton, et al., 1966, p. 362-363). Die waardesisteem van die kind, wat sy hele spektrum van goedgekeurde en nie-goedgekeurde gedrag insluit, sal egter die meeste ooreenstem met die van die ouer met wie hy die meeste identifiseer (Heilbrun, 1965, p. 123).

Volgens Kohlberg (1966, p. 141) is die vader belangriker, of ten minste net so belangrik as die moeder in die kind se sedelike ontwikkeling. Blykbaar is dit as

gevolg van die vader se natuurlike neiging om die gesagsfiguur te wees. Daar is onder andere vasgestel dat seuns met 'n sterk vaderidentifikasie hoër tellings behaal in 'n meting van interne sedelike beslissings, sedelike waardes en inskiklikheid met reëls, as seuns met 'n lae vaderidentifikasie (Hoffman, 1971b, p. 1078; Biller, 1976, p. 109; Greif, 1976, p. 229-230). Die afwesigheid van die vader wat nie-vaderidentifikasie meebring, het ook 'n nadelige uitwerking op die seun se sedelike ontwikkeling (Hoffman, 1971a, p. 405).

Sears (1957, p. 161) en Hoffman (1971b, p. 1078) meen dat die kind se identifikasie met die ouer verantwoordelik is vir een van die belangrikste fasette van die kind se persoonlikheid, naamlik sy innerlike kontrole of gewete. Seuns wat sterk met die vaders identifiseer, toon 'n hoër graad van ontwikkeling van die gewete (Mussen, et al., 1963, p. 14; Mussen en Distler, 1960, p. 95, 98).

## 4.8 SAMEVATTING

Identifikasie tussen ouers en kind vind wel plaas. Dit dui op 'n verinnerliking van karaktereienskappe, norme, waardes, gewoontes, handelinge en houdinge van die ouers wat deur die kind geleidelik in sy eie sisteem opgeneem word. Dit help mee dat die kind in sy soeke na wie en wat hy werklik is, uiteindelik 'n eie identiteit ontwikkel. Dit is egter nie 'n gebeure wat van die opvoedingsituasie losgemaak kan word nie.

Die ouers bly dus in hul verhouding tot hulle kind opvoeders, maar nog steeds opvoeders wat beelddraers van God, en as sodanig, ook identifikasiefigure vir die kind is. Opvoeding, identifikasie en identiteitsvorming vorm dus 'n trilogie wat onlosmaakbaar aan mekaar verbonde is. In 'n gelykbenige driehoek waar elkeen van hierdie drie 'n sy sou verteenwoordig, sou opvoeding nogtans die basis vorm waarop die ander rus of die spil waarom hulle draai.

Wat die seun betref, is identifisering met die geslag waarmee God hom toebedeel het, dit wil sê sy geslagsrolaanvaarding, moontlik vir hom die allerbelangrikste belewenis gedurende sy kleinkinderjare. Sy geslagsrolidentifikasie waar hy met 'n goedgebalanseerde, teenwoordige, simpatieke; dog besliste vader identifiseer, bied vir hom 'n stewige grondslag in die vorming van 'n eie identiteit. Dit dui reeds op 'n emosioneel-volwasse, goed gebalanseerde persoonlikheid in wording.

Identifisering met sy ouers, in besonder met sy vader, bied vir die seun die geleentheid om te sien en te belewe hoe hy vir homself 'n eie identiteit, 'n eie geslagsrol moet uitbeitel. Die seun sal, wil en het behoefte daaraan om met die vader te identifiseer. Dit is ook noodsaaklik dat hy die geleentheid daartoe kry. Die verinnerliking van die stewige norme en waardes van 'n positiewe, toegeneë, manlike vader, verseker dat die seun self stewig op die pad geplaas word. Dit bring mee dat die seun die adolessentestadium met sy groter en wisselende eise, met 'n stewige

wapenrusting kan aandurf.

Op al die vlakke van die seun se volwassewording, hetsy sosiale, emosionele, seksuele of sedelike, vervul die vader as opvoeder en as identifikasiefiguur 'n baie belangrike rol. Indien die seun nie met die vader identifiseer nie, om watter rede ookal, lei dit in talle gevalle tot ontsporing en of wanaanpassing. Daar bestaan dus geen twyfel nie, dat identifikasie vir die kind en vir die seun veral identifikasie met sy vader, baie belangrik is.

Soos reeds aangetoon, lewer identifikasie van die seun met die vader op alle vlakke van die seun se ontwikkeling 'n belangrike bydrae. Dit kan dus aanvaar word dat identifikasie van die seun met die vader ook wat sy skolastiese vorming en afronding betref, 'n rol sal speel. Insgelyks kan aanvaar word dat die vader as belangrikste identifikasiefiguur en as opvoeder, ook wat die seun se skolastiese prestasie betref, 'n belangrike bydrae kan lewer.

## 4.9 VOORUITSKOUING

Die leerlinge wat in die navorsing betrek is, is hoërskoolleerlinge midde-in die adolessentestadium.
Die identifikasieproses is by hulle nog nie afgehandel nie. Indien die onlosmaakbaarheid van identifikasie en identiteitsvorming in ag geneem word, asook die feit dat die adolessent se soeke na 'n eie identiteit juis gedurende adolessensie sy hoogtepunt bereik, volg dit vanselfsprekend dat die adolessent van

nader beskou moet word. In die volgende hoofstuk word sekere fasette van die adolessent wat by hierdie navorsing aansluit, dus toegelig. Daarmee saam sal dan besin word oor die adolessent se identifikasie met sy vader.

In hoofstuk ses word indringend aandag gegee aan die vader se bydrae tot die skolastiese prestasie van die seun. Aandag word ook gegee aan identifikasie met die vader en die invloed, indien wel, wat dit op die skolastiese prestasie van die seun het.